A worker recently dismissed, told the press that Erasmus has revaluate all the medical stock at the new replacement value, even if older stock was bought at lower cost.. "She then adds 100%-profit mark-up, as well as VAT on this value. She collects R100 000 per month from clients who are forced to buy medicine from her because there is no other pharmacy closer than 50 km." the unsatisfied worker said.

These accusations also drew the attention of SARS who has not yet received any VAT payments since she opened the pharmacy six months ago.

Erasmus actually said herself that she is fed up with all the trouble that the pharmacy is causing her. "I am running various successful businesses and I can ask what I want for my goods. Besides the fast increase in the cost of stock my greatest expenses are business fuel and wages. I seriously think on closing this business. It is lot of nonsense." she said.

**REQUESTED:**

4.2.1 What is your reply to the commentary of Erasmus in the last sentence where she says that "it is a lot of nonsense" (3)

4.2.2 If you buy this business from Erasmus, what would you do different? Name TWO points and give ONE reason for each point. (6)

4.2.3 How much VAT output should Erasmus declare for the last six months to SARS with reference to the monthly amount which she receives according to the newspaper article. Show your calculations in order to achieve part-marks. (4)

4.2.4 Erasmus Pharmacy experiencing cash flow problems and has no money in cash to pay SARS. On 31 August 2016 the bank account had an overdraft balance of R183 860. You are the accountant of the Erasmus Pharmacy and the owner has requested you to decrease the amount of sales to such an extent that the VAT input exceeds the VAT output, and the business can claim a repayment from SARS.

Would you as accountant agree with this request? Motivate your answer by giving TWO reasons for your answer. (5)

**QUESTION 5 (Manufacturing aspects; 45 marks, 25 minutes)**

**5.1 MENLO MANUFACTURERS**

Menlo Manufacturers is making track-suits and sell it at a mark-up of 50% on cost price.

**REQUESTED:**

5.1.1 Complete the given Production statement of Menlo Manufacturers for the year ending 31 August 2016. Only the Note for factory overhead cost is required. Where Notes are not required, calculations must be shown in order to achieve part-marks. (28)

**Menlo Manufacturers**
**Production cost statement for the year ending 31 August 2016**

| | |
|---|---|
| **Direct cost** | |
| Direct material cost | |
| Direct labour cost | |
| **Factory overhead cost** | |
| **Total production cost** | |
| Work-in-progress inventory at the beginning of the year | |
| | |
| Work-in-progress at the end of the year | |
| **Cost of production of finished goods** | |

**Notes to Financial statements**
**Factory overhead cost**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

5.1.2 The owner is of the opinion that the workers do not utilize the direct material (raw material) effectively or that the track-suits are stolen from the factory. Propose TWO control measures which the management can implement to solve this problem. (4)

**INFORMATION:**
**MENLO MANUFACTURERS**

| | |
|---|---|
| **Balances as at 1 September 2015:** | |
| Factory equipment | 260 000 |
| Accumulated depreciation on factory equipment | 84 000 |
| Inventory on hand: | |
| Raw materials | 14 700 |
| Work-in-progress | 3 400 |
| Finished goods | 4 200 |
| Consumable stock | 1 600 |
| | |
| **Transactions for the year ending 31 August 2016:** | |
| Factory wages: Direct wages | 156 000 |
| Indirect wages | 9 200 |
| Purchases of raw materials | 136 000 |
| Factory equipment purchases (1 February 2016) | 140 000 |
| Rent of factory | 24 000 |
| Factory foreman's salary | 86 000 |
| Carriage on raw materials bought | 5 800 |
| Insurance | 5 600 |
| Consumable stock bought on credit | 5 900 |
| Other manufacturing overhead cost | 25 200 |

**ADDITIONAL INFORMATION:**

1. Inventory on hand on 31 August 20016 was as follows:
   - Raw materials R 6 000
   - Finished goods 12 600
   - Work-in-progress 10 870
   - Consumable stock 2 100
2. The depreciation on the factory equipment is 15% p.a. on carrying value.
3. 80% of the consumable stock is used in the factory and the balance in the sales department.
4. The rent is allocated as follows: Factory 60% and the balance equal between the sales department and the administration department.
5. Insurance must be divided between the factory-, sales- and administration departments in the ratio to the floor area, presently in the ratio 4:2:1 respectively.

### 5.2 PARK SHOE FACTORY

Park Shoe factory manufactures sport shoes. The factory has manufactured 36 000 pair of shoes during the year and all the pairs were sold at R249 each. There was no work-in-progress stock at the beginning or end of the year..

**REQUESTED:**

5.2.1 Cost of production per unit. (3)

5.2.2 Calculate the pair of shoes to be manufactured and sold to break even. (10)

**Information from the Production cost statement for the year ending 28 February 2016**

| | |
|---|---|
| Direct material | 1 980 000 |
| Direct labour cost | 2 592 000 |
| Factory overheads | 864 000 |
| Total cost of production | 5 436 000 |

**Information from the Income statement for the year ending 28 February 2016**

| | |
|---|---|
| Sales (36 000 pairs at R249 each) | 8 964 000 |
| Cost of sales | 5 436 000 |
| Administration cost (only fixed cost) | 540 000 |
| Sales- and distribution cost (only variable cost) | 792 000 |
| Net profit for the year | 2 196 000 |

**QUESTION 6 (Cash budget of a sole trader, 30 marks; 20 minutes)**

The incompleted Cash budget and additional information of Menlo Fashions, a popular fashion store, is presented to you. The store is situated in a very busy centre in Brooklyn.

The owner is very worried about the decline in the sales over the past few months.

**REQUESTED:**

6.1 Refer to the proposed Cash budget as well as the additional information given, to calculate the figures marked [a] to [e]. (18)

6.2 With reference to the item Fixed deposit(1 November), as shown in the Receipts-section of the Cash budget, explain what is going to happen with the fixed deposit on 1 November. (2)

6.3 Menlo Fashions is planning to buy equipment during the budget period. Study the Cash budget in order to calculate the expected cost price of the equipment. (3)

6.4 The sales assistant complained to the owner about her proposed salary increment in November 2010.
- Give ONE argument to support her opinion.
- Give ONE argument to discard her opinion. (4)

6.5 At the end of October 2016 you have compared the actual figures of Advertising with the Cash budget figures and noticed the following difference. Give ONE point of advice to the owner, in this regard.

| | **October Budgeted** | **October Actual** | **Difference** |
|---|---|---|---|
| Advertising | R 2 000 | R 600 | - R 1 400 |

(3)

**ADDITIONAL INFORMATION:**

1. Actual and budgeted sales figures:

| | **Actual** | | **Budgeted** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Aug.** | **Sept.** | **Oct.** | **Nov.** |
| Total sales | 220 000 | 200 000 | 180 000 | 220 000 |
| | | | | |
| Cost of sales | 176 000 | 160 000 | 144 000 | 176 000 |

- 20% of sales are sold on credit each month.
- 65% of stock is bought on credit.
- A fixed level of trading stock on hand was maintained right through the year by replacing it on a monthly base.

2. It is expected that debtors would pay their accounts as follow:
   - 70% in the month which follows the month of the sales.
   - 28% in the second month which follows the month of the sales.
   - 2% written off in the third month which follows the month of the sales.

3. To qualify for a discount of 5%, creditors are paid in full in the month which follows the month of purchases.

**Cash budget of Menlo Fashions for October and November 2016**

| **Receipts:** | **October** | **November** |
|---|---|---|
| Cash sales | 144 000 | [ a ] |
| Debtors collections | 40 320 | [ c ] |
| Fixed deposits (1 November) | - | 20 000 |
| Interest on fix deposit (12% p.a.) | 500 | 300 |
| Other cash income | ? | ? |
| **Payments:** | | |
| Cash purchases and trading stock | [ b ] | 61 600 |
| Payments to creditors | [ d ] | 88 920 |
| Deposits – purchases of equipment | 3 000 | - |
| Payment of instalments – equipment (4 equal instalments) | - | 4 700 |
| Rent – expenses | 16 000 | 17 440 |
| Salary – store manager | 12 000 | 13 680 |
| Salary – sales assistant | 5 000 | 5 125 |
| Consumable goods | 11 000 | 12 080 |
| Advertising | 2 000 | 2 000 |
| Interest on bank overdraft | 315 | - |
| Other cash operating expenses | ? | ? |
| Surplus/(Deficit) for the month | (21 995) | 18 855 |
| Bank balance at the beginning of the month | 14 200 | ? |
| Bank balance at the end of the month | (7 795) | [ e ] |

# Notes

**HERSIENING**

**INLEIDING EN WERKSWYSE**

Hierdie Gids bevat spesifieke vrae wat daarop gemik is om jou deeglik vir die eindeksamen voor te berei asook ‘n oefenvraestel wat jy volledig in 3 ure moet voltooi ten einde jou vaardigheidsvlak voor die eindeksamen te meet. Die memorandums van al die hersieningsvrae en die oefenvraestel is aan die einde van die boek – maak seker dat jy elke vraag 100% verstaan.

Die doel van die hersiening is juis om vir jou ‘n aanduiding te gee van watter afdelings jy nog nie heeltemal onder die knie het nie, en waaraan jy dus meer tyd moet spandeer.

**As jy die volgende werkswyse volg SAL dit met jou baie goed gaan in die eindeksamen.**

**Werkswyse:**

- Kyk wat die spesifieke tema is waaroor die hersieningsvraag handel. Hersien dan eers weer daardie deel van die werk baie deeglik voordat jy die vraag begin doen.

- Benader elke vraag soos in ‘n eksamensituasie, met ander woorde kyk na die punte- en tydstoedeling wat by elke vraag gegee word, en probeer daarby hou ten einde te verseker dat jy in die eindeksamen nie sukkel om klaar te kry nie.

- Doen die oefenvraestel volledig voordat jy finaal eindeksamen skryf, en werk die memorandum eers deur **nadat** die vraestel afgehandel is. **Weerhou jouself daarvan om dadelik na die memorandum te blaai as jy iets nie kan doen nie.**

**Sterkte!**

**DIE OUTEUR**

Wian van Schalkwyk het sy B.Comm graad by die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy het vir die afgelope 21 jaar rekeningkunde vir graad 12 leerders aangebied. Hy het ook verskeie programme en werkswinkels oor spesifieke onderwerpe vir onderwysers aangebied oor die afgelope jare.

Met spesiale toestemming van Lucem uitgewers:

Gevorderde Rekeningkunde vir Graad 12
Hersiene uitgawe 2012
Hoofstuk 9

Lucem Uitgewers
Posbus 71672,
Die Wilgers
0041

**HERSIENINGSOEFENINGE 1 TOT 10**

**OEFENING 1: (Bankversoening, Debiteure en Krediteureversoening; 62 punte, 37 minute)**

**1.1 Bankversoening**

Johan is die boekhouer van Park Winkels, wat Afrika kunswerke aan toeriste verkoop. Park Winkels verkoop hulle voorraad kontant en op krediet, met die voorwaarde dat debiteure hulle skuld binne 30 dae moet vereffen. Die ooreenkoms met krediteure is egter om kredietaankope binne 60 dae te vereffen.

Johan was met verlof gedurende Augustus 2015 en is deur 'n tydelike boekhouer, Wilhelm, vervang. Voordat hy egter met verlof is, het Johan die bankrekening van Julie 2015 met die bankstaat versoen. Wilhelm het die bankversoening aan die einde van Augustus gedoen, nadat hy die bankstaat vir Augustus van die bank ontvang het, maar het dit nie reggekry nie. Hy het die volgende poging van bankversoening aan jou voorgelê en gevra dat jy hom help.

1. Bankversoeningstaat op 31 Julie 2015 (opgestel deur Johan)

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Debietsaldo volgens bankstaat | 5 500 | |
| Krediteer uitstaande deposito's | | 12 000 |
| Debiteer uitstaande tjeks: nr. 224 (gedateer 28 Februarie 2015) | 880 | |
| nr. 456 (gedateer 10 Augustus 2015) | 1 950 | |
| Debietsaldo volgens bankrekening | 3 670 | |
| | 12 000 | 12 000 |

2. Die Kontantontvangstejoernaal vir Augustus 2015 toon 'n banktotaal van R42 400.
3. Die Kontantbetalingsjoernaal vir Augustus 2015 toon 'n banktotaal van R56 800.
4. Bankversoeningstaat op 30 Augustus 2015 (opgestel deur Wilhelm)

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Debietsaldo volgens bankstaat | 5 500 | |
| Krediteer uitstaande deposito's | | 8 000 |
| Debiteer uitstaande tjeks: nr. 482 (gedateer 25 Augustus 2015) | 4 800 | |
| Kredietsaldo volgens bankrekening | | 10 730 |
| | 10 300 | 18 730 |

5. Addisionele inligting

5.1 Johan het opgemerk dat Wilhelm sommige inskrywings korrek gedoen het, maar dat hy die volgende inligting op die bankstaat wat vir Augustus 2015 van die bank ontvang is, nie in ag geneem het nie:

- Die saldo van die bankstaat op 1 Augustus 2015 was R5 500 (dt.), maar op 31 Augustus het die bankstaat 'n oortrokke saldo van R13 945 getoon.
- Bankkoste van R85 en 'n aftrekorder ten opsigte van Versekering vir R3 100.
- 'n Deposito direk in die bank gedeponeer, R520, vir rente op die vaste deposito.
- Tjeknr. 480 verskyn op die bankstaat as R1 640 maar in die KBJ as R1 460. Die bankstaat is korrek.

5.2 Johan het opgemerk dat Wilhelm ook glad nie verlede maand se bankversoeningstaat in ag geneem het nie. Die deposito van R12 000 verskyn wel op Augustus se bankstaat.

**OPDRAG:**

1. Bereken die korrekte saldo van die bankrekening op 31 Augustus 2015. (12)
2. Stel die korrekte bankversoeningstaat op 31 Augustus 2015 op. (8)

**1.2 Krediteureversoening**

Wilhelm het ook die krediteurelys en krediteureversoeningstaat opgestel terwyl Johan met verlof was. Ook hiermee het hy probleme ondervind.

| | |
|---|---|
| Krediteurekontrolesaldo op 31 Augustus 2015 | R54 200 |
| Totaal van krediteurelys op 31 Augustus 2015 | R50 240 |

'n Ondersoek het die volgende probleme aan die lig gebring ten opsigte van die krediteuregrootboek:

- Goedere ter waarde van R4 200 wat aan 'n krediteur teruggestuur is, is as R6 200 na die betrokke krediteur se rekening oorgeboek.
- Kredietaankope van skryfbehoeftes vir R520, is na die verkeerde kant van die betrokke krediteur se rekening oorgeboek.
- 'n Betaling van R2 100 is na die verkeerde krediteur se rekening oorgeboek.
- Krediteure met debietsaldo's van R920 is na die Debiteuregrootboek oorgedra. Wilhelm het egter nagelaat om die nodige inskrywings in die krediteure se rekeninge te maak.

**OPDRAG:**

3. Bereken die korrekte totaal van die krediteurelys op 31 Augustus 2015. (10)

**1.3 Ontleding van debiteure en krediteure**

Die volgende syfers is geneem uit die Proefbalans van Park Winkels op 31 Augustus 2015, die einde van die finansiële jaar.

| | |
|---|---|
| Verkope (80% op krediet) | 1 800 000 |
| Koste van verkope (60% op krediet) | 1 200 000 |
| Handelsvoorraad (1 September 2014) | 255 000 |
| Handelsvoorraad (31 Augustus 2015) | 305 000 |
| Debiteurekontrole (1 September 2014) | 310 000 |
| Debiteurekontrole (31 Augustus 2015) | 266 000 |
| Krediteurekontrole (1 September 2014) | 76 000 |
| Krediteurekontrole (31 Augustus 2015) | 54 200 |

**OPDRAG:**

**4. Bereken die volgende:**

4.1 Gemiddelde aantal maande se voorraad voorhande vir die jaar geëindig 31Augustus 2015.

4.2 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015.

4.3 Gemiddelde krediteurebetalingstermyn vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015. (17)

5. Dink jy dat Park Winkels te veel voorraad hou? Lewer kommentaar op jou berekening. Hou in gedagte dat Park Winkels Afrika kunswerke aan toeriste verkoop. (5)

6. Lewer kommentaar op Park Winkels se invorderings van debiteure, en betalings aan krediteure. Gee ook raad oor hoe om die situasie te verbeter. (10)

**OEFENING 2: (Bateverkope en Nota by Balansstaat; 45 punte, 27 minute)**

Die volgende onvolledige Nota by die Balansstaat van Park Winkels is geneem op 28 Februarie 2015.

**Nota vir eiendom, aanleg en toerusting op Februarie 2015**

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | 1 200 000 | 120 000 | |
| Kosprys | | 880 000 | 450 000 |
| Opgelope waardevermindering | | | (180 000) |
| | | | |
| **Bewegings** | | | |
| Byvoegings | | | |
| Bateverkope | | | (46 080) |
| Waardevermindering | | | |
| Drawaarde einde van die jaar | | | |
| Kosprys | | | |
| Opgelope waardevermindering | | | |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Gedurende die jaar is ‘n faktuur van Botha Bouers ontvang vir die volgende:
   - Aanbou van ‘n nuwe stoorkamer, R60 000
   - Herstelwerk gedoen, R6 000.
2. ‘n Nuwe voertuig is op 1 November 2014 vir R150 000 gekoop. Die eienaar het ook ‘n radiosisteem ter waarde van R10 000 laat installeer en die lisensiegeld vir die voertuig betaal, R240.
3. Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 15% per jaar op kosprys.
4. Op 31 Augustus 2014 is toerusting wat op 1 Maart 2012 vir R80 000 aangekoop is, teen ‘n verlies van R6 080, ingeruil op nuwe toerusting wat R120 000 gekos het.
5. Waardevermindering op toerusting word afgeskryf teen 20% per jaar op die verminderde saldo-metode.

**OPDRAG:**

2.1 Maak gebruik van die addisionele inligting en voltooi die gegewe Nota vir eiendom, aanleg en toerusting in die Balansstaat. (25)

2.2 Voltooi die Bateverkoperekening volledig om die inruil van die toerusting op 31 Augustus 2014 te boekstaaf. (12)

2.3 Die eienaar is bekommerd oor die feit dat die toerusting teen ‘n verlies ingeruil is, aangesien die markwaarde van die toerusting op R55 000 geraam is. Gee 2 moontlike redes waarom dit teen ‘n verlies ingeruil is, en noem ook 2 voorsorgmaatreëls wat getref kan word om herhaling in die toekoms te voorkom. (8)

**OEFENING 3: (Voorraadwaardering, EIEU en Geweegde gemiddelde; 60 punte, 36 minute )**

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Parkie Pette, ‘n besigheid wat slegs een soort pet verkoop. Die eienaar beplan om vir nog 3 jaar hierdie besigheid te bedryf, en dan ‘n nuwe besigheid te begin.

Die besigheid gebruik die periodieke vooraadopnamestelsel. Alle beginvoorraad is teen dieselfde prys, nl. R20 aangekoop, maar die kosprys van die pette het gereeld gedurende die jaar toegeneem.

**OPDRAG:**

3.1 Bereken die aantal pette wat op 28 Februarie 2015 voorhande is. (4)

3.2 Waardeer hierdie voorraad:
- volgens die EIEU-metode
- volgens die geweegde gemiddelde metode (Toon berekeninge in rand en sent). (13)

3.3 Bereken die volgende deur gebruik te maak van die EIEU-metode:
- bruto wins
- winsopslag behaal, d.w.s. bruto wins as ‘n % van die koste van verkope. (8)

3.4 Bereken die volgende deur gebruik te maak van die geweegde gemiddeldemetode:
- bruto wins
- winsopslag behaal, d.w.s. bruto wins as ‘n % van die koste van verkope. (8)

3.5 Die eienaar voel dat dit nie ‘n verskil maak of hy die EIEU-metode of die geweegde gemiddeldemetode van voorraadwaardering gebruik nie, aangesien dit oor drie jaar nie ‘n verskil aan sy wins sal maak nie. Stem jy met hom saam? Verduidelik jou antwoord. (4)

3.6 Watter advies kan jy aan die eienaar gee rakende die verkoopprys van sy pette vir die komende finansiële jaar? Verduidelik jou antwoord deur na stawende syfers uit die inligting te verwys. (4)

3.7 Die eienaar voel ook dat dit beter is vir hom, om die periodieke voorraadopnamestelsel te gebruik as die deurlopende voorraadopnamestelsel.
- Verduidelik kortliks die verskil tussen die twee stelsels.
- Stem jy saam met die eienaar se keuse om die periodiekestelsel te gebruik? (8)

3.8 Die vervaardigers van die pette het voorgestel dat hulle werkers, wat tans werkloos is, teen ‘n minimum loon kan gebruik om die pette te maak om so die kosprys van die pette te verlaag. As jy die eienaar van Parkie Pette was, sou jy hiertoe ingestem het? Verduidelik deur twee redes te verskaf. (4)

3.9 Parkie Pette verkoop slegs kontant. Die eienaar sê dat hy nie ‘n “ouditspoor” wil los sodat die SAID bewyse kan hê dat hy belasting op sy winste moet betaal nie. Wat sal jy aan die eienaar hieroor sê. (4)

3.10 Die eienaar is ook bekommerd dat hy in die moeilikheid kan kom aangesien hy nie vir BTW geregistreer is nie. Wat sal jy aan die eienaar hieroor sê? (3)

**INLIGTING**

| Inligting aangaande pette aangekoop en verkoop vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 | Aantal pette | Eenheidskoste | Totaal |
|---|---|---|---|
| Verkope | 580 | R36 | R20 880 |
| Voorraad voorhande op 1 Maart 2014 | 200 | R20 | 4 000 |
| Aankope gedurende die jaar: | 640 | ? | 16 410 |
| April 2014 | 150 | R22 | 3 300 |
| Julie 2014 | 320 | R25 | 8 000 |
| November 2014 | 110 | R29 | 3 190 |
| Februarie 2015 | 60 | R32 | 1 920 |

**OEFENING 4: ( Kontantvloei en Ontleding en vertolking; 113 punte, 68 minute )**

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Parkie Beperk, ‘n publieke maatskappy.

**OPDRAG:**

4.1 Gebruik die gegewe inligting om die volgende op te stel:
- Die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 April 2015. (32)
- Die Nota vir die rekonsiliasie van netto wins voor belasting, en kontant verkry uit bedrywighede. (12)

4.2 Stel die Verdelingsrekening vir die jaar geëindig 30 April 2015 op. (12)

4.3 Jy word voorsien van die volgende finansiële aanwysers vir die afgelope twee jaar.

Bereken die aanwysers wat uitgelaat is, genommer (a) tot (f).

| | **2015** | **2014** |
|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,1 : 1 | 1,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | (a) | 0,6 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | (b) | 2, 3 keer |
| Debiteure-invorderingstermyn | 24 dae | 43 dae |
| Krediteurebetalingstermyn | 30 dae | 30 dae |
| Skuld-eienaarsbelangverhouding | (c) | 0,7 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | (d) | 79 sent |
| Verdienste per aandeel | 25,2 sent | 15,5 sent |
| Dividend per aandeel | (e) | 15 sent |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | (f) | 19,6% |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 29,8% | 22,1% |
| Rentekoers op lenings | 14% | 14% |

(23)

4.4 Teen watter prys is die nuwe aandele hierdie jaar uitgereik? Is dit ‘n aanvaarbare prys vir die nuwe aandele? Verduidelik jou antwoord deur stawende finansiële syfers uit die inligting aan te haal. (8)

4.5 Lewer kommentaar op die dividende, verdienste en opbrengs verdien deur die aandeelhouers. Sal hulle tevrede wees hiermee? Verduidelik jou antwoord deur stawende finansiële syfers uit die inligting aan te haal. (8)

4.6 Lewer kommentaar op die likiditeit van die maatskappy. Verduidelik jou antwoord deur stawende finansiële syfers uit die inligting aan te haal. (12)

4.7 Lewer kommentaar oor hoe die maatskappy finansieel gerat is. Verduidelik jou antwoord deur stawende finansiële syfers uit die inligting aan te haal. (6)

**INLIGTING:**

| Parkie Beperk<br>Balansstaat soos op 30 April | | |
|---|---|---|
| Bates | 2015 | 2014 |
| Nie-bedryfsbates | 2 205 100 | 1 659 400 |
| Vaste bates | 1 885 100 | 1 459 400 |
| Beleggings | 320 000 | 200 000 |
| Bedryfsbates | 854 300 | 999 600 |
| Voorraad (alle voorraad) | 575 000 | 650 000 |
| Handels en ander debiteure (ingesluit SAID) | 276 300 | 244 600 |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 000 | 105 000 |
| Totale bates | 3 059 400 | 2 659 000 |
| Ekwiteit en aanspreeklikhede | | |
| Aandeelhouersbelang | 1 559 000 | 1 224 000 |
| Gewone aandelekapitaal (50 sent per aandeel) | 1 000 000 | 770 000 |
| Aandelepremie | 229 200 | 128 000 |

| | | |
|---|---|---|
| Behoue-inkomste | 329 800 | 326 000 |
| Nie-bedryfslaste | 740 000 | 800 000 |
| Verbandlening: ABSA | 740 000 | 800 000 |
| Bedryfslaste | 760 400 | 635 000 |
| Handels en ander krediteure | 372 000 | 404 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 246 400 | 231 000 |
| Oortrokke bank | 142 000 | - |
| Totale ekwiteit en aanspreeklikhede | 3 059 400 | 2 659 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 April 2015, toon die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Verkope | R3 500 000 | |
| Koste van verkope | 2 200 000 | |
| Rente-uitgawe | 104 000 | (alle rente verskuldig, is betaal) |
| Waardevermindering | 207 300 | |
| Inkomstebelasting | 151 200 | |
| Wins na belasting | 388 800 | |

2. Gedurende die jaar is toerusting teen drawaarde van R145 000 verkoop.

3. Die afgelope twee jaar was die voorlopige belastingbetalings meer as die verpligte belasting vir die jaar. Die bedrag deur die SAID verskuldig, is ingesluit by handels en ander debiteure:
   - Verskuldig deur die SAID op 30 April 2014, R11 600
   - Verskuldig deur die SAID op 30 April 2015, R7 300.

4. Die nuwe aandele is op die laaste dag van die finansiële jaar uitgereik. Hierdie aandele het nie vir enige dividende in die 2015 finansiële jaar gekwalifiseer nie.

**OEFENING 5: (Produksiekostestaat, Handelstaat en Eenheidskoste; 66 punte, 40 minute)**

Parkie Vervaardigers bou kragopwekkers wat aan huishoudings en klein sakeondernemings verkoop word. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2015.

**OPDRAG:**

5.1 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 op tesame met die Notas vir die berekening van Grondstofvoorraad, Fabrieksbokoste en die Koste van klaarprodukte. (47)

5.2 Stel die Handelstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 op. (5)

5.3 Bereken die volgende:

5.3.1 Die eenheidskoste van elke kragopwekker afgerond tot die naaste rand.

5.3.2 Die verkoopprys van elke kragopwekker. (8)

5.4 Die eienaar van Parkie Vervaardigers is nie tevrede met sy wins nie. Daar is ‘n groot aanvraag na kragopwekkers in die land en daar word nie genoeg vervaardig nie. Die eienaar het ‘n alternatiewe verskaffer van roumateriaal vir die vervaardiging van die kragopwekkers opgespoor. Hierdie verskaffer is baie goedkoper maar hulle produkte is nie deur die SABS goedgekeur nie aangesien die veiligheid van die produkte nie gewaarborg kan word nie. Die eienaar het uitgewerk dat hy die koste van sy roumateriaal met omtrent 40% kan verminder deur van hierdie verskaffer gebruik te maak. Aangesien die vraag na kragopwekkers so hoog is, en die publiek dus enige iets sal koop, het hy besluit om hierdie roumateriaal te gebruik. Stem jy met hom saam? Bespreek sy besluit en wat die moontlike gevolge kan wees. (6)

**INLIGTING:**

| | |
|---|---|
| Voorraad voorhande op 1 Maart 2014: Roumateriaal | 120 000 |
| Werk-in-prosesvoorraad | 240 000 |
| Klaarproduktevoorraad | 616 080 |
| Verbruiksgoedere | 30 000 |
| Transaksies gedurende die jaar: | |
| Verbruiksgoedere kontant aangekoop | 90 000 |
| Roumateriaal aangekoop | 420 000 |

| | |
|---|---|
| Vraggeld betaal op roumateriaal | 39 000 |
| Roumateriaal uitgereik gedurende die jaar | 492 000 |
| Fabriekslone volgens die loonjoernaal | 396 000 |
| Fabrieksvoorman se salaris | 120 000 |
| Fabriekselektrisiteit betaal | 18 000 |
| Instandhouding betaal op fabriekstoerusting | 48 000 |
| Mediese fondsbydrae vir fabriekswerkers | 78 000 |
| Huur betaal | 216 000 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 90 000 |
| Administratiewe personeel se salarisse | 80 000 |
| Verkope (kontant) | 3 017 600 |

**AANSUIWERINGS:**

1. Op 28 Februarie 2015 was die volgende voorraad voorhande:
   - Werk-in-prosesvoorraad 82 000
   - Klaarproduktevoorraad 103 600
   - Verbruiksgoedere 12 000
   - Roumateriaal ?
2. Die fabriek se loonjoernaal vir Februarie 2015 is nog nie oorgeboek nie. Die bruto loon het R39 600 beloop, en die werkgewersbydrae t.o.v. die mediese fonds, R7 200.
3. ‘n Rekening t.o.v. fabriekselektrisiteit, R6 000, is nog uitstaande.

4. Huuruitgawe moet tussen die fabriek en die administratiewe afdeling verdeel word in die verhouding 2:1. Alle huur vir die finansiële jaar is betaal maar die fabriekshuur van R12 000 per maand het op 1 Januarie 2015 met 10% gestyg. Die boekhouer het nagelaat om hierdie styging vir Januarie en Februarie in berekening te bring.

5. ‘n Besending roumaterial wat vanaf Engeland ingevoer is , is op 28 Februarie 2015 afgelewer. Die inskrywing hiervoor is nog nie gedoen nie.
   Die koste was as volg: (die wisselkoers is £1 = R16,40)
   Koste van roumateriaal £ 5 000
   Vraggeld op aankope £ 800
   Invoerbelasting beloop 10% van koste van roumateriaal sonder vraggeld.

6. Totale aantal eenhede geproduseer beloop 742 eenhede.

7. Totale aantal eenhede verkoop beloop 820 eenhede.

Berekeninge:
Direkte arbeidskoste:
Huuruitgawe:
Ingevoerde roumateriaal:

**OEFENING 6: (Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat; 89 punte, 53 minute)**
Jy word voorsien van ‘n onvolledige kontantbegroting, en geprojekteerde inkomstestaat van Park Winkels, vir die tydperk 1 November 2015 tot 31 Desember 2015.

**OPDRAG:**

6.1 Voltooi die kontantbegroting, en die debiteure-invorderingskedule volledig. (31)
6.2 Voltooi die geprojekteerde inkomstestaat. (25)
6.3 Beantwoord die volgende vrae:
6.3.1 Die eienaar verstaan nie waarom die kontantbegroting en die geprojekteerde inkomstestaat verskillende bedrae toon nie. Verduidelik aan hom deur te fokus op die rol wat elke dokument speel. (10)
6.3.2 Lewer kommentaar op die debiteure-invorderingstermyn, en die krediteurebetalings-termyn. Toon die effek wat dit op die likiditeitsituasie, asook die winsgewendheid van die besigheid het. (6)
6.3.3 Dink jy die eienaar het rede om bekommerd te wees oor die kontantsituasie van die besigheid? Verduidelik jou antwoord deur na ten minste twee syfers te verwys. (5)
6.3.4 Die eienaar het ‘n artikel in ‘n finansiële tydskrif gelees, waar daar na die King Kommissie se verslag verwys word, wat sê dat alle besighede moet bydrae tot sosiale ontwikkeling binne die gemeenskap, en ook die omgewing. Hy is nie seker hoe dit sy besigheid raak, en of hy hieraan gehoor moet gee nie, aangesien dit definitief sy wins negatief sal beïnvloed. Verduidelik aan hom wat die verslag bedoel, en hoekom dit belangrik is dat hy gehoor gee aan die bevindinge in die verslag. (6)
6.3.5 Parkie Winkels verskaf sporttoerusting aan plaaslike besighede en is nie vir BTW geregistreer nie. Is dit reg? Hoekom sê jy so? Verduidelik aan die eienaar wat nie regulasies t.o.v. BTW is, en of hy vir BTW moet registreer, al dan nie. (6)

**INLIGTING:**

**1. Kontantbegroting van Parkie Winkels vir November en Desember 2015**

| | November | Desember |
|---|---|---|
| **Kontantontvangste** | | |
| Kontantverkope | | 300 000 |
| Kontant ontvang vanaf debiteure | | |
| Kommissie inkomste | 2 500 | 3 500 |
| Totale ontvangste | | |
| **Kontantbetalings** | | |
| Kontantaankope van voorraad | | 93 750 |
| Betalings aan krediteure | 208 000 | |
| Lone en salarisse | | |
| Diverse betalings | 50 000 | 50 000 |
| Totale betalings | | |
| **Surplus/(Tekort)** | | |
| **Bank - beginsaldo** | 98 400 | |
| **Bank - eindsaldo** | | |

**2. Debiteure-invorderingskedule**

| Maand | Kredietverkope | November | Desember |
|---|---|---|---|
| September | 200 000 | 90 000 | |
| Oktober | 250 000 | | |
| November | | | |
| Desember | | | |
| TOTAAL | | | |

**3. Geprojekteerde Inkomstestaat van Parkie Winkels vir Nov. en Des. 2015**

| | November | Desember |
|---|---|---|
| Verkope | 500 000 | |
| Koste van verkope | (312 500) | |
| Bruto wins | 187 500 | |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| Kommissie-inkomste | | 4 000 |
| Bedryfsuitgawes | | |
| Lone en salarisse | | |
| Diverse uitgawes | 50 000 | 50 000 |
| Bedryfswins | | |
| Rente-uitgawe | | |
| Netto wins | | |

**4. ADDISIONELE INLIGTING:**

4.1 Kontantverkope beloop 40% van die totale verkope.

4.2 Debiteure word 30 dae toegelaat om hulle rekeninge te vereffen. Ervaring oor die afgelope tydperk het egter getoon dat dit nie die geval is nie en dat debiteure as volg ingevorder word:

- 50% betaal na 30 dae, d.w.s. in die maand nadat die verkope plaasgevind het. Hulle ontvang 10% korting.
- 45% betaal na 60 dae, d.w.s. 2 maande nadat verkope plaasgevind het.
- 5% word afgeskryf as oninbaar na 60 dae, d.w.s in die tweede maand na verkope.

4.3 Parkie Winkels werk teen ‘n vasgestelde winsopslag op kosprys en vaste voorraadvlakke word gehandhaaf , d.w.s. voorraad word aan die einde van die maand waarin dit verkoop is, dadelik vervang.

4.4 20% van alle aankope van voorraad is kontant.

4.5 Alle krediteure word ten volle betaal binne 30 dae d.w.s. in die maand wat op die aankope volg.

4.6 Lone en salarisse vir Oktober het R120 000 beloop en sal dieselfde bly vir die begrotingstydperk. Aangesien sommige werkers gedurende Desember met vakansie gaan, sal hulle lone en salarisse van R40 000 t.o.v. Desember reeds in November aan hulle betaal word.

4.7 Waardevermindering word op toerusting afgeskryf teen R1 200 per maand.

4.8 Rente op die lening word gekapitaliseer, en beloop R800 per maand. Terugbetalings op die lening wat rente insluit, word elke tweede maand gedoen. Die volgende terugbetaling van R5 600 sal op 31 Desember 2015 gemaak word.

4.9 Kommissie word ontvang een maand nadat dit verdien is, d.w.s. kommissie wat in Oktober verdien is, sal eers aan die einde van November ontvang word.

**6.1 Kontantbegroting van Parkie Winkels November en Desember 2015**

| | November | Desember |
|---|---|---|
| **Kontantontvangtes** | | |
| Kontantverkope | | 300 000 |
| Kontant ontvang vanaf debiteure | | |
| Kommissie inkomste | 2 500 | 3 500 |
| Totale ontvangste | | |
| **Kontantbetalings** | | |
| Kontantaankope van voorraad | | 93 750 |
| Betalings aan krediteure | 208 000 | |
| Lone en salarisse | | |
| Diverse betalings | 50 000 | 50 000 |
| Lening (sluit rente in) | | |
| Totale betalings | | |
| **Surplus/(Tekort)** | | |
| **Bank-beginsaldo** | 98 400 | |
| **Bank-eindsaldo** | | |

**Debiteure-invorderingskedule**

| Maand | Kredietverkope | November | Desember |
|---|---|---|---|
| September | 200 000 | 90 000 | |
| Oktober | 250 000 | | |
| November | | | |
| Desember | | | |
| TOTAAL | | | |

**6.2 Geprojekteerde Inkomstestaat van Parkie Winkels vir Nov. en Des. 2015**

| | November | Desember |
|---|---|---|
| Verkope | 500 000 | |
| Koste van verkope | (312 500) | |
| Bruto wins | 187 500 | |
| Ander bedryfsinkomste | | |
| Kommissie-inkomste | | 4 000 |
| Bedryfsuitgawes | | |
| Lone en salarisse | | |
| Diverse uitgawes | 50 000 | 50 000 |
| Korting toegestaan | | |
| Oninbare skulde | | |
| Waardevermindering | | |
| Bedryfswins | | |
| Rente-uitgawe | | |
| Netto wins | | |

**OEFENING 7: (BTW-berekeninge, Grootboek en Etiek; 47 punte, 28 minute)**

Menlo Winkels is vir BTW geregistreer by die SAID. Hulle winspersentasie is 100% op kosprys. Totale van die meeste hulpjoernale aan die einde van Junie 2015 word verskaf. Hierdie totale is nagegaan en as korrek geverifieer.

**OPDRAG:**

7.1 Wat is die verskil tussen Inset-BTW en Uitset-BTW? (2)

7.2 Voltooi die gegewens wat uitgelaat is gemerk [1] tot [8].
Rond berekeninge af tot die naaste rand. (16)

7.3 Voltooi die geopende rekeninge in die Algemene Grootboek. Sluit die rekeninge af na die BTW-kontrolerekening op 30 Junie 2015. (18)

7.4 Bereken die bedrag wat aan/deur die SAID verskuldig is. (3)

7.5 Gee jou mening oor elk van die volgende gevallestudies:

7.5.1 Volgens die aankondiging deur die minister van finansies is enige besigheid met ‘n omset van meer as R1 000 000 per jaar verplig om vir BTW te registreer. MP Verskaffers het ‘n omset van R2½ miljoen per jaar. Die eienaar is nie van plan om vir BTW te registreer nie selfs al hef hy BTW op sy produkte. Hy voel dat sy koste baie sal verhoog aangesien hy dan ‘n rekenmeester sal moet aanstel om sy boeke te doen. (4)

7.5.2 Parkie Winkels, ‘n geregistreerde BTW handelaar, verkoop slegs vir kontant. Hulle skryf egter groot somme geld as “oninbaar” af, en eis dan hierdie BTW terug van die SAID. (4)

**INLIGTING:**
Totale van hulpjoernale op 30 Junie 2015:

| **Kontantontvangstejoernaal** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bank | BTW Uitset | Verkope | Koste van verkope | Debiteurekontrole | | Diverse rekeninge |
| | | | | Ontvangste | Korting | |
| [2] | [1] | 26 000 | 13 000 | 1 400 | 0 | 2 500* |

* Huurinkomste

| **Kontantbetalingsjoernaal** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bank | BTW Inset | Handels-voorraad | Verbruiks-goedere | Krediteurekontrole | | Diverse rekeninge |
| | | | | Betalings | Korting | |
| 12 312 | [3] | 4 500 | 200 | [4] | 0 | 2 100* |

* Toerusting

| **Kleinkasjoernaal** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kleinkas | BTW Inset | Handelsvoorraad | Verbruiksgoedere | Diverse rekeninge |
| [6] | 70 | [5] | 200 | 250* |

* Lone

| **Debiteurejoernaal** | | | |
|---|---|---|---|
| Debiteurekontrole | BTW Uitset | Verkope | Koste van verkope |
| 2 622 | 322 | [7] | [8] |

| **Debiteure-afslagjoernaal** | | | |
|---|---|---|---|
| Debiteurekontrole | BTW Uitset | Debiteure-afslag | Koste van verkope |
| 57 | 7 | 50 | 20 |

| **Krediteurejoernaal** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Krediteurekontrole | BTW Inset | Handelsvoorraad | Verbruiksgoedere | Toerusting | Diverse rekeninge |
| 7 980 | 980 | 4 228 | 982 | 1 790 | - |

| **Krediteure-afslagjoernaal** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Krediteurekontrole | BTW Inset | Handelsvoorraad | Verbruiksgoedere | Toerusting | Diverse rekeninge |
| 171 | 21 | 80 | 70 | - | - |

**OEFENING 8: (Voorraadwaardasie; 45 punte, 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Park Gholfwinkel, ‘n besigheid wat gholfstokke en gholfballe verkoop. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

**OPDRAG:**

8.1 Verwys na Inligting 1. Verduidelik kortliks waarom dit vir die eienaar toepaslik is om die EIEU-metode vir gholfstokke en die geweegde gemiddeldemetode vir gholfballe te gebruik. (4)

8.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir die twee voorraaditems.
- Gholfstokke (gebruik EIEU-metode)
- Gholfballe (gebruik geweegde gemiddelde metode) (15)

8.3 Bereken die volgende vir gholfstokke:
- Koste van verkope (5)
- Bruto wins (3)
- BTW gevra vir kliënte op gholfstokke verkoop (3)
- Winsopslagpersentasie (3)

8.4 Die eienaar vermoed dat daar nie voldoende beheer oor voorraad is nie.
- Hy vermoed dat die gholfstokke wat hy verkoop, nie baie gewild is onder sy klante nie.
- Hy vermoed dat gholfballe gesteel word.

Haal inligting uit die vraag aan wat sy vermoedens sal bevestig. Verskaf ‘n geskikte berekening in elke geval om jou antwoord te ondersteun. (6)

8.5 Die eienaar het jou genader om ‘n vennoot in die besigheid te word. Verduidelik DRIE veranderings wat jy in die besigheid sou maak indien jy ‘n vennoot sou word. Verwys na spesifieke inligting uit die vrae vir elk van die veranderinge. (6)

**INLIGTING:**

1. Voorraadwaardering aan die begin en einde van die rekeningpligtige tydperk:

| | Gholfstokke | | | Gholfballe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Aantal eenhede** | **Per eenheid** | **Totale waarde** | **Aantal eenhede** | **Per eenheid** | **Totale waarde** |
| **1 Mrt 2014** | 90 | R800 | R72 000 | 1 200 | R9,60 | R11 520 |
| **28 Feb 2015** | 205 | ? | ? | 550 | ? | ? |

**2. Vraggeld, wisselkoerse en invoerbelasting:**

2.1 **Gholfstokke:** Die gholfstokke word in Suid-Afrika vervaardig. Vervoerkoste is R50 per gholfstok. 'n Totaal van R15 000 is betaal vir die vervoer van die 300 gholfstokke aangekoop. Vervoerkoste is ingesluit in die beginvoorraadsyfer van R800 per eenheid.

2.2 **Gholfballe:** Die balle word uit Amerika ingevoer. Pryse word in Amerikaanse dollar ($) gekwoteer. Die wisselkoers was R7,50 vir $1,00 dwarsdeur die jaar. Invoerbelasting word teen 20% van die randwaarde van die aankope gehef. Vervoerkoste word deur die vervaardiger betaal. Koste van invoerbelasting is reeds in die beginvoorraadsyfer van R9,60 ingesluit.

**3. Aankope gedurende die jaar:**

| | Gholfstokke | | | Gholfballe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Aantal eenhede** | **Aankoopprys per eenheid (vervoer uitgesluit)** | **Totale waarde in rand** | **Aantal eenhede** | **Aankoopprys per eenheid in VS dollar (invoerbelasting uitgesluit)** | **Totale waarde in VS dollar** |
| **25 Apr. 2014** | 75 | R750 | R56 250 | 3 000 | $1,00 | $3 000 |
| **25 Jul. 2014** | 75 | R800 | R60 000 | 3 000 | $1,20 | $3 600 |
| **26 Okt. 2014** | 75 | R900 | R67 500 | 3 000 | $1,20 | $3 600 |
| **25 Jan. 2015** | 75 | R900 | R67 500 | 3 000 | $1,60 | $4 800 |
| **Totaal** | 300 | - | R251 250 | 12 000 | - | $15 000 |

**4. Verkope gedurende die jaar (BTW uitgesluit):**

- **Gholfstokke:** 185 eenhede teen R1 200 elk = R222 000
- **Gholfballe:** 10 500 eenhede teen R19 elk = R199 500

**OEFENING 9: (Vervaardiging; 30 punte, 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Park Vervaardigers vir die jaar geëindig 30 September 2015. Die besigheid vervaardig twee produkte naamlik tasse en sportsakke.

**OPDRAG:**

9.1 Identifiseer EEN belangrike koste-item wat deel van die volgende sal uitmaak:
- Fabrieksbokoste
- Verkoops- en verspreidingskoste (2)

9.2 Bereken die volgende met betrekking tot die tasse vir 2015:
- Die eenheidskoste van produksie (5)
- Die veranderlike koste per eenheid (3)

9.3 Bereken die gelykbreekpunt vir die tasse in 2015. (5)

9.4 Identifiseer TWEE kostes, met betrekking tot die tasse, wat nie goed beheer is gedurende die finansiële jaar nie. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Voorsien ook in elke geval 'n moontlike oplossing vir die probleem. (8)

9.5 Die eienaar oorweeg dit om slegs een produk in plaas van die huidige twee te vervaardig. Gee aan hom raad of jy dink hy met die vervaardiging van tasse of sportsakke moet voortgaan. Verskaf geskikte syfers om jou raad te ondersteun. (7)

**INLIGTING:**

| | Sportsakke (2015) | Tasse (2015) | Tasse (2014) |
|---|---|---|---|
| **Veranderlike koste** | **R520 000** | **R660 000** | **R470 000** |
| Direkte materiaalkoste | R240 000 | R330 000 | R200 000 |
| Direkte arbeidskoste | R160 000 | R264 000 | R240 000 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | R120 000 | R66 000 | R30 000 |
| | | | |
| **Vaste koste** | **R280 000** | **R650 000** | **R430 000** |
| Administrasiekoste | R60 000 | R250 000 | R220 000 |
| Fabrieksbokoste | R220 000 | R400 000 | R210 000 |
| | | | |
| Gelykbreekpunt | 1 867 eenhede | ? | 1 623 eenhede |
| Verkoopsprys per eenheid | R280,00 | R520,00 | R500,00 |
| Aantal eenhede vervaardig | 4 000 eenhede | 2 500 eenhede | 2 000 eenhede |
| Aantal bestellings geplaas | 4 000 eenhede | 3 000 eenhede | 2 000 eenhede |
| | | | |

**OEFENING 10: (Debiteurerekonsiliasie en Interne beheer; 30 punte, 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting aangaande Menlo Handelaars. Die boekhouer het ‘n paar foute begaan met die versoening van die Debiteurekontrole-rekening met die Debiteurelys.

**OPDRAG:**

10.1 Menlo Handelaars vereis dat hulle nuwe kliënte persoonlike besonderhede, wat ‘n bewys van woonadres en maandelikse inkomste insluit, moet voorsien, voordat daar op krediet aan hulle verkoop word. Verduidelik kortliks waarom dit nodig is. Noem TWEE punte. (4)

10.2 Stel die korrekte Debiteurelys op 31 Augustus 2015 op, en toon aan hoe jy die Debiteurekontrole-rekening sal aansuiwer deur die formaat wat voorsien is, te gebruik. (26)

**INLIGTING:**

1. Die boekhouer ontdek dat hy ‘n aantal foute gemaak het, toe hy die Debiteurekontrole-rekening opgestel het.

2. Die Debiteurekontrole-rekening en die Debiteurelys verskil met R6 470.

**Die volgende opsomming is op 31 Augustus 2015 voorberei:**

| | |
|---|---|
| Saldo van Debiteurekontrole-rekening | R70 663 |
| Totaal van Debiteurelys | R77 133 |
| Springbok Handelaars | 17 600 |
| Wallaby Handelaars | 55 473 |
| All Black Verskaffers | 3 400 |
| Jaguar Winkels | 660 |
| Verskil | R6 470 |

**3. Foute op Springbok Handelaars se rekening:**

- Rente is foutief op die rekeningsaldo bereken. Pas aan vir ‘n addisionele R165 rente.
- BTW teen 14% is op faktuur 989 van 31 Julie 2015, weggelaat. Die totale verkope sonder BTW was R16 500.

**4. Foute op Wallaby Handelaars se rekening:**

- ‘n Kredietnota van R3 080 is foutiewelik in die Debiteuregrootboek as ‘n debietinskrywing getoon. Die Algemene Grootboek is korrek.
- Wallaby Handelaars beweer dat hulle verlede maand R13 200 betaal het, maar dat dit nie op hulle rekeningstaat getoon word nie. ‘n Ondersoek het getoon dat die betaling foutiewelik na Springbok Handelaars se rekening oorgeboek is.
- Wallaby Handelaars het ‘n geweierde tjek vir R2 750 uitgereik ter vereffening van ‘n bedrag van R3 100. Die KOJ- en KBJ-inskrywings is korrek aangeteken. Die kansellering van die korting, is nie in die Debiteuregrootboek getoon nie. Die kontrolerekening is korrek.

**5. Addisionele foute op die Debiteureversoeningstaat getoon:**

- ‘n Debiteur Jaguar Winkels se skuld van R660, is as oninbaar afgeskryf. Die bedrag is na die Debiteurekontrole-rekening oorgeboek, maar nie na die debiteur se persoonlike rekening nie.
- All Black Verskaffers word in die Debiteuregrootboek en die Krediteuregrootboek getoon. Hulle kredietsaldo van R2 124 in die Krediteuregrootboek moet na hulle rekening in die Debiteuregrootboek oorgedra word.

**FINALE OEFENVRAESTEL**

TYD : 3 uur
TOTAAL : 300 punte

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Die vraestel bestaan uit 6 vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. Gebruik die formate wat verskaf word vir jou antwoorde.
3. Alle bewerkings moet getoon word sodat deelpunte toegeken kan word.
4. Daar word aanbeveel dat jy probeer om by die voorgestelde tydsindeling te hou.
5. Nie - programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

**Voorgestelde tydsindeling**

| Vraag en onderwerp | Punte | Tyd |
|---|---|---|
| 1. Bankversoening en interne beheer | 40 punte | 24 minute |
| 2. Maatskappye, Finansiële state en ontleding en vertolking | 70 punte | 42 minute |
| 3. Maatskappye, grootboek en algemene verslagdoening | 70 punte | 42 minute |
| 4. Voorraadstelsels, BTW en besigheidsetiek | 45 punte | 27 minute |
| 5. Vervaardigingsaspekte | 45 punte | 27 minute |
| 6. Kontantbegrotings | 30 punte | 18 minute |
| **Totaal** | **300 punte** | **180 minute** |

**VRAAG 1: ( Bankversoening en Interne beheer; 40 punte; 24 minute)**

**INLIGTING:**
Jy word voorsien van die laaste twee maande se bankversoeningstate van Menlo Handelaars.

| Bankversoeningstaat van Menlo Handelaars op 30 April 2016 | |
|---|---|
| Debietsaldo volgens bankstaat | 26 650 |
| Tjeks nog nie aangebied vir betaling: | |
| nr. 123 (gedateer 25 November 2015) | 285 |
| nr. 335 (gedateer 28 Februarie 2016) | 260 |
| nr. 438 (gedateer 15 April 2016) | 775 |
| nr. 447 (gedateer 30 April 2016) | 2 300 |
| nr. 448 (gedateer 25 Junie 2016) | 5 000 |
| Uitstaande deposito's | 41 350 |
| Krediteer bedrag foutief gedebiteer | 250 |
| Saldo volgens bankrekening | ? |

| Bankversoeningstaat van Menlo Handelaars op 31 Mei 2016 | |
|---|---|
| Debietsaldo volgens bankstaat | 23 270 |
| Tjeks nog nie aangebied vir betaling: | |
| nr. 335 (gedateer 28 Februarie 2016) | 260 |
| nr. 448 (gedateer 25 Junie 2016) | 5 000 |
| nr. 473 (gedateer 22 Mei 2016) | 3 300 |
| Uitstaande deposito's | 31 600 |
| Kredietsaldo volgens bankrekening | 230 |

**GEVRA:**
Verwys na die Bankversoeningstate van April en Mei 2016, en beantwoord die volgende vrae:

1.1. Het Menlo Handelaars volgens April 2016 se Bankstaat, 'n gunstige banksaldo of 'n oortrokke banksaldo? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.2. Bereken die ontbrekende banksaldo in die Algemene Grootboek op 30 April 2016. Dui aan of dit 'n gunstige of ongunstige saldo is. (6)

1.3. Tjeknr. 123 verskyn nie op Mei 2016 se Bankversoeningstaat nie. Hierdie tjek is nie deur die begunstigde gedeponeer nie.

1.3.1. Verduidelik kortliks wat die probleem met tjeknr. 123 is. (3)

1.3.2. Watter inskrywing sal die boekhouer gedurende Mei 2016 met tjeknr. 123 moet maak? (2)

1.4. Watter van die tjeks wat as uitstaande op April 2016 se Bankversoeningstaat gewys word, verskyn op Mei 2016 se Bankstaat? (4)

1.5. Op die Bankversoeningstaat van 30 April 2016 verskyn die item "Krediteer bedrag foutief gedebiteer, R250".

1.5.1. Is hierdie fout gedurende Mei 2016 deur die bank reggestel? Gee 'n rede. (3)

1.5.2. Gee ‘n voorbeeld van die soort fout wat die bank kon gemaak het? (3)

1.6. Verduidelik waarom tjek 335 en 448 op beide April en Mei se bankversoeningstate verskyn. Gee ‘n verskillende rede vir elke tjek. (4)

**PROBLEEMOPLOSSING**

1.7. As die interne ouditeur van Menlo Handelaars, sien jy dat beide April en Mei 2016 se Bankversoeningstate groot uitstaande deposito’s aandui. Met jou ondersoek is bevind dat die meeste van die bedrae deur die kassier ontvang is, voor die datum op die Bankstaat.

1.7.1. Wat vermoed jy doen die kassier onwettiglik wat veroorsaak dat die deposito’s uitstaande is? (3)

1.7.2. Noem enige DRIE interne beheermaatreëls wat in werking gestel kan word om soortgelyke probleme te voorkom. (6)

1.7.3. Noem TWEE stappe wat teen die kassier geneem kan word indien jou vermoedens rakende die onwettige bedrywighede bevestig sou word. (4)

**VRAAG 2: (Maatskappye, Finansiële state , en Ontleding en vertolking; 70 punte; 42 minute)**

Menlo Bpk. het ‘n gemagtigde aandelekapitaal van 700 000 gewone aandele met ‘n pariwaarde van 50 sent.
Op 28 Februarie 2015, die einde van die vorige finansiële jaar, was 450 000 aandele teen pariwaarde reeds uitgereik.

**GEVRA:**

Gebruik die gegewe inligting en toon die volgende:

2.1. Die Bateverkoperekening op 30 November 2015. Verwys na nr. 7 van die gegewe inligting. (9)

2.2. Beantwoord die volgende vrae:

2.2.1. Gebruik die VPA (sien nr. 3) om die aantal aandele wat op 1 Maart 2015 uitgereik is, te bereken. (5)

2.2.2. Bereken die dividend per aandeel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016. (4)

2.2.3. Gee EEN rede waarom aandeelhouers:
- tevrede sal wees met die dividendbeleid van die maatskappy en
- ontevrede sal wees met die dividendbeleid van die maatskappy(haal syfers aan). (4)

2.3. Menlo Bpk. se aandele verhandel tans teen R0,85 per aandeel op die aandelebeurs en die netto batewaarde per aandeel is R0,62. Die direkteure besluit om die res van die gemagtigde aandele teen R0,75 per aandeel uit te reik. Sou jy bereid wees om addisionele aandele teen hierdie prys aan te koop? Staaf jou antwoord deur TWEE redes te verskaf. (5)

2.4. Stel die Kontantvloeistaat, asook die Nota vir die kontant verkry uit bedryfsaktiwiteite vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016 op. Toon berekeninge tussen hakies waar Notas nie verlang word nie. (43)

**INLIGTING:**

1. Syfers verkry uit die Inkomstestaat van Menlo Bpk. op 28 Februarie 2016.

| | |
|---|---|
| Waardevermindering op voertuie | 22 392 |
| Waardevermindering op toerusting | 5 728 |
| Ouditfooie | 38 000 |
| Direkteursfooie | 90 000 |
| Rente op lening (rente word gekapitaliseer) | 12 000 |
| Netto inkomste voor belasting | 180 000 |
| Netto inkomste na belasting | 126 000 |

2. Nuwe aandele is op 1 Maart 2015 teen ‘n premie van 20 sent per aandeel uitgereik.
3. Verdienste per aandeel (VPA) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016 was 20 sent per aandeel.
4. Daar is R50 400 se interimdividende gedurende die huidige finansiële jaar betaal.
5. Op 28 Februarie 2015 het Menlo Bpk. ‘n lening ter waarde van R75 000 getoon. Die saldo van hierdie lening is R132 000 op 28 Februarie 2016. Die leningsooreenkoms bepaal dat rente gekapitaliseer moet word, en dat R1 200 per maand op die lening terugbetaal moet word. Gedurende die jaar is die lening ook verhoog.
6. Syfers verkry uit die Balansstaat van Menlo Bpk. aan die einde van Februarie:

| | **2016** | **2015** |
|---|---|---|
| Behoue-inkomste | R ? | 52 200 |
| Boekwaarde van tasbare bates | 322 000 | 246 200 |
| Krediteurekontrole | 35 000 | 28 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 5 250 (dt.) | 4 000 (kt.) |
| Aandeelhouers vir dividend | 88 200 | 40 000 |
| Debiteurekontrole | 63 000 | 66 000 |
| Voorrade | 116 150 | 86 200 |
| Kontant en kontantekwivalente | R ? | 8 000 (kt.) |

7. Op 30 November 2015 het Menlo Bpk. hul enigste voertuig vir kontant verkoop. Die voertuig is teen boekwaarde verkoop. Die voertuig is oorspronklik op 1 Maart 2013 vir R80 000 aangekoop.
‘n Nuwe voertuig is op dieselfde dag wat die ou een verkoop is aangekoop om dit te vervang.
Alle voertuie word teen 20% p.j. volgens die kosprysmetode gedepresieer.
Hierdie transaksie is geboekstaaf. Geen ander tasbare bates is gedurende die jaar gekoop of verkoop nie.

**VRAAG 3: (Maatskappye, Grootboek en Algemene verslagdoening; 70 punte, 42 minute)**

**3.1. PARK BEPERK**

Park Beperk is ‘n publieke maatskappy gelys op die Johannesburgse Aandelemark.
Die maatskappy verkoop buitebande aan die algemene publiek.

**GEVRA:**

3.1.1. Gebruik die gegewe inligting om die Verdelingsrekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 op te stel. (12)

3.1.2. Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die maatskappy in 2016, in vergelyking met 2015 deur DRIE finansiële aanwysers in jou antwoord aan te haal. (6)

3.1.3. Maak TWEE aanbevelings aan die direkteure om die likiditeitsposisie te verbeter. (4)

3.1.4. Stel die Balansstaat soos op 30 Junie 2016 op. Die Notas tot die Balansstaat word nie verlang nie. Bewerkings moet in hakies getoon word sodat deelpunte verdien kan word.
Let wel! Neem die finansiële aanwysers in berekening. (29)

**INLIGTING:**

1. Die maatskappy het ‘n gemagtigde aandelekapitaal van 1 500 000 aandele met ‘n pariwaarde van R3 elk. Op 1 Julie 2015 was 750 000 aandele uitgereik waarvan 333 000 teen ‘n premie van R1,00 per aandeel uitgereik is. Daar is geen nuwe aandele gedurende die finansiële jaar uitgereik nie.
2. Die Behoue- inkomsterekening toon ‘n kredietsaldo van R193 000 op 1 Julie 2015.
3. Die inkomstebelasting vir die jaar was R336 000. Die belastingkoers is 28% van die netto wins.
4. Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie bereken:

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Dividend per aandeel (interim en finaal) | 80 sent | 90 sent |
| Solvabiliteitsverhouding | 5 : 1 | 4,8 : 1 |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,3 : 1 | 1,9 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,7 : 1 | 1,1 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 4 keer | 5 keer |
| Debiteure-invorderingstermyn | 60 dae | 50 dae |
| Krediteurebetalingstermyn | 30 dae | 36 dae |

5. Saldo’s verkry uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2016:

| | |
|---|---|
| Tasbare/Vaste bates teen drawaarde | 3 088 400 |
| Vaste deposito: ABSA | 270 000 |
| Krediteurekontrole | 160 000 |
| Bankoortrekking | 32 000 |
| Kleinkas | 3 000 |
| Aandeelhouers vir dividend | 225 000 |
| SAID(Inkomstebelasting) (krediet) | 15 000 |
| Verbandlening: Nedbank | ? |
| Debiteurekontrole | 170 000 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 9 400 |

6. Die vaste deposito bestaan uit twee beleggings by ABSA soos volg:
   - R120 000 sal op 31 Oktober 2016 verval
   - R150 000 sal op 1 Mei 2018 verval.

(51)

**3.2. OUDITEURSVERSLAG EN BESIGHEIDSETIEK**

**GEVRA:**

Verwys na die volgende ouditeursverslag wat aan Park Beperk uitgereik is, en beantwoord die vrae wat volg:

3.2.1. Wie is verantwoordelik om toe te sien dat die finansiële state opgestel word? (2)

3.2.2. Aan watter hoofgroep persone sal die ouditeure hul ouditeursverslag rig, en waarom word die verslag aan hierdie groep persone gerig? (3)

3.2.3. Die ouditeursverslag verwys na die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS). Verduidelik waarom ouditeure die IFVS in berekening moet bring wanneer hulle, hul mening lug? (2)

3.2.4. Moet die aandeelhouers tevrede wees met die ouditeursverslag? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

3.2.5. Indien die ouditeure nalaat om hul pligte na behore uit te voer, kan dit ernstige gevolge vir hulle inhou. Bespreek TWEE voordele vir die aandeelhouers van Park Beperk dat alle ouditeure aan ‘n professionele liggaam moet behoort. (4)

3.2.6. A. Verster, die ouditeursvennoot, wat die oudit by Park Beperk doen, gaan met T. Kemm, die finansiële direkteur by Park Beperk trou.
- Sal dit die oudit van Park Beperk op enige wyse beïnvloed? Gee ‘n rede vir jou antwoord.
- Watter raad sal jy aan A. Verster gee? (5)

**INLIGTING:**

ONAFHANKILKE OUDITEURSVERSLAG, 20 MAART 2016

DOEL:
Ons voer ons oudit in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde uit. Die standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state vry is van wesentlike verdraaiings. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappydirekteure. Ons verantwoordelikheid is om ‘n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek, gegrond op ons oudit.

OUDITMENING:
Na ons mening verstrek hierdie finansiële state, in alle wesentlike opsigte, ‘n redelike weergawe van die finansiële stand van Park Bpk. soos op 30 Junie 2016, asook van die resultate van die finansiële bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

VERSTER & FRENZ
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Posbus 2387
PRETORIA
0001

**VRAAG 4: (Voorraadstelsels en BTW; 45 punte, 27 minute)**

**4.1. VOORRAADSTELSELS**

Menlo Handelaars se inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016 word aan jou voorsien. Die onderneming verkoop slegs Plasma TV’s. Die periodieke voorraadstelsel en die geweegde gemiddelde-voorraadwaarderingsmetode word gebruik. Hulle koop al hulle voorraad aan by een verskaffer.

**GEVRA:**

4.1.1. Gee TWEE verskille tussen die periodieke- en deurlopende voorraadstelsel. (4)

4.1.2. Gebruik die geweegde gemiddeldevoorraadwaarderingsmetode om die volgende te bereken:
- Die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2016. (12)
- Die bruto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016. (6)

4.1.3. Bereken wat die waarde van die eindvoorraad sou wees indien die Eerste-in-eerste-uit- metode van voorraad-waardering gebruik sou word. (5)

**INLIGTING:**

1. Voorraad op 1 Maart 2015 bestaan uit 100 TV’s met ‘n totale waarde van R55 600, wat vraggeld op aankope insluit.
2. Aankope gedurende die jaar, 1 150 eenhede teen ‘n totaal van R747 500, as volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Mei 2015 | 250 eenhede teen R630 elk | R157 500 |
| Oktober 2015 | 800 eenhede teen R650 elk | R520 000 |
| Januarie 2016 | 100 eenhede teen R700 elk | R70 000 |

3. Vraggeld op aankope gedurende die jaar, is teen R25 per TV deur die verskaffer gehef.
4. Daar is 10 defektiewe TV’s, wat gedurende Januarie 2016 gekoop is, aan die verskaffer teruggestuur. Die verskaffer het ‘n volle terugbetaling, insluitend vraggeld, toegestaan.
5. ‘n Verkoopprys van R1 095 is deurgaans deur die jaar gehandhaaf.
   Totale verkope vir die jaar het R1 215 450 beloop.
6. Op 28 Februarie 2016 het ‘n fisiese voorraadopname getoon dat 130 TV’s voorhande was.

**4.2. BTW EN BESIGHEIDSETIEK**

Die artikel hieronder het in ‘n koerant in ‘n klein plattelandse dorpie verskyn:

ERASMUS APTEEK WEER IN DIE SOP

Erasmus apteek het onlangs weer geopen, na ‘n weeklange staking deur sy ses werknemers, na ‘n dispuut oor swak loonverhogings. Die eienaar en entrepreneur, S. Erasmus, het egter nou ‘n groter probleem met eise, oor onetiese metodes met die vasstelling van die winsopslag op die medisyne wat sy verkoop.

‘n Werknemer wat onlangs afgedank is, het aan die pers gesê dat Erasmus al die mediese voorraad gaan herwaardeer teen die jongste vervangingskoste, selfs al is ouer voorraad teen laer koste aangekoop. “Sy voeg dan 100%-winsopslag by, sowel as BTW op daardie waarde. Sy vorder R100 000 per maand in van klante wat verplig is om medisyne by haar te koop, omdat daar geen ander apteek binne 50 km. is nie” het die ontevrede werker gesê.

Hierdie aantygings het ook die aandag van die SAID getrek, wat nog geen BTW-betaling van Erasmus ontvang het sedert sy die apteek ses maande gelede geopen het nie.

Erasmus self sê egter sy is keelvol vir al die moeilikheid wat die apteek vir haar veroorsaak. “Ek bedryf verskeie suksesvolle besighede, en ek kan vra wat ek wil vir my goedere. Bo en behalwe die vinnige styging in voorraadkoste is my grootste uitgawes brandstof en lone. Ek dink ernstig daaraan om hierdie besigheid te sluit. Dit is ‘n klomp onsin,” het sy gesê.

**GEVRA:**

4.2.1. Wat sal jy antwoord op Erasmus se kommentaar in die laaste sin, waar sy sê dat dit “’n klomp onsin is.” (3)

4.2.2. Indien jy hierdie besigheid van Erasmus koop, wat sou jy anders doen? Noem TWEE punte en gee EEN rede vir elke punt. (6)

4.2.3. Hoeveel uitset-BTW behoort Erasmus aan die SAID vir die laaste 6 maande te verklaar na aanleiding van die maandelikse bedrag wat sy volgens die artikel ontvang. Toon jou berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word. (4)

4.2.4. Erasmus Apteek ondervind kontantvloeiprobleme, en beskik oor geen kontant om die SAID te betaal nie. Op 31 Augustus 2016 toon die bankrekening ‘n oortrokke saldo van R183 860. Jy is die rekenmeester van Erasmus Apteek, en die eienaar versoek jou om die verkopebedrag sodanig te verminder dat die BTW-inset die BTW-uitset oorskry, sodat die onderneming ‘n terugbetaling van die SAID kan kry.

Sou jy as rekenmeester met hierdie versoek akkoord gaan? Motiveer jou antwoord deur TWEE redes vir jou besluit te verskaf. (5)

**VRAAG 5: ( Vervaardigingsaspekte; 45 punte, 27 minute)**

**5.1. MENLO VERVAARDIGERS**

Menlo Vervaardigers maak sweetpakke en verkoop dit teen ‘n winsopslag van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

5.1.1. Voltooi die gegewe Produksiekostestaat van Menlo Vervaardigers vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016. Slegs die Nota vir fabrieksbokoste word verlang.
Waar Notas nie verlang word nie, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien. (28)

**Menlo Vervaardigers**
**Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016**

| | |
|---|---|
| **Direkte koste** | |
| Direkte materiaalkoste | |
| Direkte arbeidskoste | |
| **Fabrieksbokoste** | |
| **Totale vervaardigingskoste** | |
| Werk-in-proses voorraad aan die begin van die jaar | |
| | |
| Werk-in-proses vooraad teen jaareinde | |
| **Produksiekoste van voltooide goedere** | |

**Notas by Finansiële state**
**Fabrieksbokoste**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

5.1.2. Die eienaar is van mening dat die werknemers nie die grondstowwe (roumateriaal) effektief gebruik nie of dat sweetpakke uit die fabriek gesteel word. Beveel TWEE beheermaatreëls aan wat die bestuur kan implementeer om hierdie probleem op te los. (4)

**INLIGTING:**
Menlo Vervaardigers

| **Saldo's op 1 September 2015:** | **Rand** |
|---|---|
| Fabriekstoerusting | 260 000 |
| Opgelope waardevermindering op fabriekstoerusting | 84 000 |
| Voorraad voorhande: | |
| Grondstowwe | 14 700 |
| Goedere in bewerking | 3 400 |
| Voltooide goedere | 4 200 |
| Verbruiksvoorraad | 1 600 |
| | |
| **Transaksies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016:** | |
| Fabriekslone: Direkte lone | 156 000 |
| Indirekte lone | 9 200 |
| Aankope van grondstowwe | 136 000 |
| Fabriekstoerusting aangekoop (1 Februarie 2016) | 140 000 |
| Huur van fabriek | 24 000 |
| Fabrieksvoormansalaris | 86 000 |
| Vraggeld op grondstowwe aangekoop | 5 800 |
| Versekering | 5 600 |
| Verbruiksvoorraad op krediet aangekoop | 5 900 |
| Ander fabrieksbokoste | 25 200 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Voorraad voorhande op 31 Augustus 2016 is soos volg:
   - Grondstowwe R 6 000
   - Voltooide goedere 12 600
   - Goedere in bewerking 10 870
   - Verbruiksvoorraad 2 100
2. Die fabriekstoerusting se waardevermindering is 15% p.j. op drawaarde.
3. 80% van die verbruiksvoorraad word in die fabriek gebruik, en die res in die verkoopsdepartement.
4. Die huur word soos volg toegedeel: Fabriek 60%, en die res gelykop tussen die verkoopsdepartement en die adminstratiewe afdeling.
5. Versekering moet verdeel word tussen die fabrieks-, verkoops- en administratiewe departemente in die verhouding tot vloeroppervlakte, wat tans in die verhouding 4:2:1 onderskeidelik is.

**5.2. PARK SKOENFABRIEK**

Park Skoenfabriek vervaardig sportskoene.

Die fabriek het 36 000 pare skoene gedurende die jaar vervaardig, en al die pare skoene is teen R249 elk verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerkingvoorraad aan die begin of einde van die jaar nie.

**GEVRA:**

5.2.1. Bereken die eenheidskoste van produksie. (3)

5.2.2. Bereken die aantal pare skoene wat vervaardig en verkoop moet word om gelyk te breek. (10)

**Inligting verkry uit die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016**

| | |
|---|---|
| Direkte grondstowwe | 1 980 000 |
| Direkte arbeidskoste | 2 592 000 |
| Fabrieksbokoste | 864 000 |
| Totale koste van produksie | 5 436 000 |

**Inligting uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016**

| | |
|---|---|
| Verkope (36 000 pare teen R249 elk) | 8 964 000 |
| Koste van verkope | 5 436 000 |
| Administrasiekoste (slegs vaste koste) | 540 000 |
| Verkoops- en verspreidingskoste (slegs veranderlike koste) | 792 000 |
| Netto wins vir die jaar | 2 196 000 |

**VRAAG 6: (Kontantbegroting van 'n eenmansaak, 30 punte; 20 minute)**

Die onvoltooide Kontantbegroting en addisionele inligting van Menlo Modes, 'n gewilde klerewinkel, word aan jou verskaf. Die winkel is in 'n besige winkelsentrum in Brooklyn geleë.

Die eienaar is baie bekommerd oor die afname in verkope die afgelope paar maande.

**GEVRA:**

6.1 Verwys na die voorgestelde Kontantbegroting asook die addisionele inligting verskaf om die syfers gemerk [a] tot [e] te bereken. (18)

6.2 Verwys na die item vaste deposito (1 November), soos getoon in die ontvangste-afdeling van die Kontantbegroting, en verduidelik wat na verwagting met die vaste deposito op 1 November gaan gebeur. (2)

6.3 Menlo Modes beplan om toerusting gedurende die begrotingsperiode aan te koop. Bestudeer die Kontantbegroting ten einde die totale verwagte kosprys van die toerusting te bereken. (3)

6.4 Die verkoopsassistent het by die eienaar gekla oor haar voorgestelde salarisverhoging in November 2016.
- Gee EEN argument om haar mening te ondersteun.
- Gee EEN argument om haar mening te weerlê. (4)

6.5 Teen die einde van Oktober 2016 het jy die werklike syfers vir advertensies met die Kontantbegrotingsyfers vergelyk en het jy die verskil hieronder opgemerk.
Verskaf EEN punt van advies aan die eienaar in hierdie verband:

| | **Oktober Begroot** | **Oktober Werklik** | **Verskil** |
|---|---|---|---|
| Advertensies | R 2 000 | R 600 | - R 1 400 |

(3)

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Werklike en begrote verkoopsyfers:

| | Werklik | | Begroot | |
|---|---|---|---|---|
| | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. |
| Totale verkope | 220 000 | 200 000 | 180 000 | 220 000 |
| | | | | |
| Koste van verkope | 176 000 | 160 000 | 144 000 | 176 000 |

- 20% van totale verkope word elke maand op krediet verkoop.
- 65% van alle voorraad is op krediet aangekoop.
- ‘n Vaste vlak van handelsvoorraad voorhande word reg deur die jaar gehandhaaf, deur middel van vervanging op ‘n maandelikse basis.

2. Na verwagting sal debiteure hul rekeninge soos volg betaal:
   - 70% in die maand wat volg op die maand van verkope.
   - 28% in die tweede maand wat volg op die maand van verkope.
   - 2% afgeskryf in die derde maand wat volg op die maand van verkope.

3. Krediteure word ten volle betaal in die maand wat volg op die maand van aankope om vir 5% korting te kwalifiseer.

**Kontantbegroting van Menlo Modes vir Oktober en November 2016**

| | **Oktober** | **November** |
|---|---|---|
| **Ontvangste:** | | |
| Kontantverkope | 144 000 | [ a ] |
| Debiteure-invorderings | 40 320 | [ c ] |
| Vaste deposito (1 November) | - | 20 000 |
| Rente op vaste deposito (12% p.j.) | 500 | 300 |
| Ander kontantinkomste | ? | ? |
| **Betalings:** | | |
| Kontantaankope van handelsvoorraad | [ b ] | 61 600 |
| Betalings aan krediteure | [ d ] | 88 920 |
| Deposito - aankope van toerusting | 3 000 | - |
| Paaiementbetaling-toerusting (4 gelyke paaiemente) | - | 4 700 |
| Huuruitgawe | 16 000 | 17 440 |
| Salaris-winkelbestuurder | 12 000 | 13 680 |
| Salaris-verkoopassistent | 5 000 | 5 125 |
| Verbruiksgoedere | 11 000 | 12 080 |
| Advertensies | 2 000 | 2 000 |
| Rente op oortrekking | 315 | - |
| Ander kontantbedryfsuitgawes | ? | ? |
| Surplus/(Tekort) vir die maand | (21 995) | 18 855 |
| Banksaldo aan die begin van die maand | 14 200 | ? |
| Banksaldo aan die einde van die maand | (7 795) | [ e ] |

# Notes

## ANSWERS / ANTWOORDE

**1. Calculation of bank balance / Berekening van banksaldo :**
3 670 + 42 400 – 56 800 – 85 – 3100 + 520 – 180 + 880 = (12 695)

| **2. Bankreconciliation statement on 31 August 2012 / Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2015** | | |
|---|---|---|
| | Debiet | Krediet |
| Dr balance as per bank statement /Debietsaldo volgens bankstaat | 13 945 | |
| Cr. outstanding deposits / Krediteer uitstaande deposito | | 8 000 |
| Dr. outstanding cheques / Debiteer uitstaande tjeks no. 456 | 1 950 | |
| no.482 | 4 800 | |
| Cr. balance as per bank account / Kredietsaldo volgens bankrekening | | 12 695 |
| | 20 695 | 20 695 |

**3. Correct total of creditors list on 31 August 2015 / Korrekte totaal van krediteurelys op 31 Augustus 2015**
50 240 + 2 000 + 520 + 520 + 920 = 54 200

**4. Calculate / Bereken:**

**4.1 Average stock holding period for the year ending 31 August 2015**
**Gemiddelde voorraadhoudingsperiode vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015**

$$\frac{\frac{1}{2}(255\,000 + 305\,000)}{1\,200\,000} \times \frac{12}{1} = 2.8 \textit{ months / maande}$$

**4.2 Average debtors collection period for the year ending 31 August 2015**
**Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015**

$$\frac{\frac{1}{2}(310\,000 + 266\,000)}{80\% \textit{ of/ van } 1\,800\,000} \times \frac{365}{1} = 73 \textit{ Days / Dae}$$

**4.3 Average creditors payment period for the year ended 31 August 2015**
**Gemiddelde krediteurebetalingstermyn vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015**

$$\frac{\frac{1}{2}(76\,000 + 54\,200)}{60\% \textit{ van } 1\,200\,000} \times \frac{365}{1} = 33 \textit{ Days / Dae}$$

**5. Comments on Stock holding /Kommentaar oor voorraadhouding**
Yes or no. They are holding 2.8 months of stock which means a lot of capital is tied up in the stock. Will also mean higher cost for storage, insurance risk of theft etc. However these items will not go out of fashion and do not have time periods, might need to keep a wide range in order to satisfy the tourists.
Ja/nee, hulle hou 2.8 maande se voorraad wat beteken dat baie kapitaal is opgesluit in voorraad. Dit het ook bergingskostes, versekeringe en risiko van diefstal tot gevolg. Die produkte sal egter nie uit die mode raak nie en dit is goed om ‘n wye verskeidenheid aan toeriste aan te bied.

**6. Comments and advice on debtors collection and creditor periods /**
**Kommentaar en advies oor debiteure en krediteure**
**Comments:** Debtors are taking too long to pay – give 30 days but paying in 72 days. Creditors are being paid too quickly – given 60 days but paying in 33 days. Results in cash flow problems for the business.
**Advice:** Encourage debtors to pay earlier – give discounts, charge interest, follow-up with outstanding accounts etc. Take the 60 days given to pay the creditors.
**Kommentaar:** Debiteure neem te lank om te betaal – ons gun hulle 30 dae maar hulle neem 72 dae. Ons betaal krediteure te vinnig terug – hulle gee ons 60 dae maar ons betaal na 30. Hierdie situasie kan kontantvloeiprobleme veroorsaak.
**Advies:** Debiteure moet aangemoedig word om vinniger te betaal deur bv. Korting aan hulle toe te staan of rente te hef op agterstallige rekeninge. Die 60 dae wat krediteure ons gun om te betaal moet gebruik word.

**2.1 Note for property, plant and equipment on February 2015 / Nota vir eiendom, aanleg en toerusting 28 Februarie 2015**

| | **Land and buildings Grond en geboue** | **Vehicles Voertuie** | **Equipment Toerusting** |
|---|---|---|---|
| Carrying value at the beginning of the year / Draewaarde aan die begin van die jaar | 1 200 000 | 120 000 | 270 000 |
| Cost price/ Kosprys | 1 200 000 | 880 000 | 450 000 |
| Accumulated depreciation / Opgelope waardevermindering | - | (760 000) | (180 000) |
| | | | |
| **Movements / Bewegings** | | | |
| Additions / Byvoegings | 60 000 | 160 000 | 120 000 |
| Asset disposals / Bate verkope | - | - | (46 080) |
| Depreciation / Waardevermindering | - | (127 999) | (60 880) |
| Carrying value at the end of the year / Drawaarde einde van die jaar | 1 260 000 | 152 001 | 283 040 |
| Cost price / Kosprys | 1 260 000 | 1 040 000 | 490 000 |
| Accumulated depreciation / Opgelope | - | (887 999) | (206 960) |

**Calculations / Berekenings:**
**Depreciation on vehicles / Waardevermindering op voertuie**
**Old vehicles / ou voertuie:** $880\,000 \times \frac{15}{100} \times \frac{12}{12} = 132\,000$ Carrying value / drawaarde is R120 000
The R1 clause / Die R1 Klousule : R119 999 written of / afgeskryf.

**New Vehicle / nuwe voertuig:**
$160\,000 \times \frac{15}{100} \times \frac{4}{12} = R8\,000$
1 Nov – 28 Feb
R119 999 + 8 000 = R127 999

**Depreciation on equipment / Waardevermindering op toerusting:**
**Equipment trade-in / Toerusting ingeruil:**
1 Mar 2012 – 28 Feb 2013 : $(80\,000 - 0) \times \frac{20}{100} \times \frac{12}{12} = R16\,000$
1 Mar 2013 – 28 Feb 2014 : $(80\,000 - 16\,000) \times \frac{20}{100} \times \frac{12}{12} = R12\,800$
1 Mar 2014 – 31 Aug 2014 : $(80\,000 - 28\,800) \times \frac{20}{100} \times \frac{6}{12} = R5\,120$
**Old equipment – whole year / ou toerusting – hele jaar:**
$[(450\,000 - 80\,000) - (180\,000 - 28\,800)] \times \frac{20}{100} \times \frac{12}{12} = 43\,760$
**New equipment / nuwe toerusting :** 1 Sept – 28 Feb
$(120\,000 - 0)\ \frac{20}{100} \times \frac{6}{12} = 12\,000$

**2.2 General Ledger of Park Stores / Algemene Grootboek van Park Winkels**

Asset disposal/Bateverkope

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aug 2014 | 31 | Equipment/ Toerusting | 80 000 | Aug 2014 | 31 | Accumulated depreciation on equipment / Waardeverm op toerusting (28 888+5 120) | 33 920 |
| | | | | | | Creditors control / Krediteurekontrole | 40 000 |
| | | | | | | Loss on sale of asset / Verlies met verkoop v bate | 6 080 |
| | | | R80 000 | | | | R80 000 |

**2.3 Reasons for loss and measures to prevent future losses / Redes vir verlies en voorsorgmaatreëls:**
**Reasons:** The equipment is probably not maintained properly and attended to, consequently equipment in bad condition. Depreciation perhaps not written-off correctly.
**Measures to prevent future losses:** Better maintenance and control of equipment is require. Determine what the correct depreciation rate should be.
**Rede:** Die toerusting is dalk nie goed opgepas en onderhou nie en is gevolglik in ‘n swak toestand. Waardevermindering is dalk nie korrek afgeskryf nie.
**Aanbevelings:** Beter onderhoud en kontrole oortoerusting is nodig.
Bepaal wat korrekte waardeverminderingskoers moet wees.

**3.1 Number of caps on hand on 28 February 2015./ Aantal pette voorhande op 28 Februarie 2015.**
200 + 640 – 580 = 260

**3.2 Value of stock using the FIFO method. / Waarde volgens die EIEU-metode:**

60 units/eenhede X R32 = 1 920
110 units/eenhede X R29 = 3 190
90 units/eenhede X R25 = 2 250
7 360

**Value of stock using the weighted average method / Waarde volgens die geweegde gemiddeldemetode:**

Weighted average cost price / Geweegde gemiddelde kosprys = $\frac{(4\,000 + 16\,410)}{200 + 640} = \frac{20\,410}{840} = R24{,}30$ *per unit / eenheid*

260 units/eenhede X R24,30 = R6 318

**3.3 Gross profit using the FIFO method / Bruto wins volgens EIEU-metode:**

Cost of sales / Koste van verkope = 4 000 + 16 410 – 7 360 = R13 050
Gross profit / Bruto wins = 20 880 - 13 050 = R7 830

**Calculate the mark-up % under the FIFO method / Bereken winsopslag behaal volgens EIEU-metode:**

$\frac{7\,830}{13\,050} \times \frac{100}{1} = 60\%$

**3.4 Gross profit using the weighted average method / Bruto wins volgens geweegde gemiddeldemetode:**

Cost of sales / Koste van verkope = 4 000 +16 410 – 6 318 =R 14 092
Gross Profit / Bruto wins = 20 880 – 14 092
= R6 788

**Calculate the mark-up % using the weighted average method / Bereken winsopslag behaal volgens geweegde gemiddeldemetode:**

$\frac{6\,788}{14\,092} \times \frac{100}{1} = 48\%$

**3.5 The owner feels that it does not matter whether he uses the FIFO or weighted average method to value his stock of caps because after three years this will have no difference on his overall profit. Do you agree? Explain your answer / Die eienaar voel dat dit nie 'n verskil maak of hy die EIEU-metode of die geweegde gemiddeldemetode van voorraadwaardering gebruik nie, aangesien dit oor drie jaar nie 'n verskil aan sy wins sal maak nie. Stem jy met hom saam? Verduidelik jou antwoord.**

Yes, the evaluated closing stock of the year is the initial stock of the following year. After 3 years the total net profit will be the same provided the selling price remains the same and all stock is sold. / Ja die gewaardeerde slotvoorraad van die een jaar is die beginvoorraad van die volgende jaar. Na 3 jaar sal die totale netto wins dieselfde wees mits die verkoopprys dieselfde is en alle voorraad verkoop is.

**3.6 What advice would you give to the owner with regard to the selling price of the caps for the next year? Explain your answer, quoting appropriate figures from the information. / Watter advies kan jy aan die eienaar gee rakende die verkoopprys van sy pette vir die komende finansiële jaar? Verduidelik jou antwoord deur na stawende syfers uit die inligting te verwys.**

The selling price must increase in correspondence with the cost price. In the beginning a mark-up of 80% (R16 on R20) was maintained but the last consignment caps was sold at a mark-up of only 12.5% ( R4 on R30) /
Die verkoopprys moet verhoog in ooreenstemmig met die kosprys . Daar is aan die begin 'n winsopslag van 80% (R16 op R20 ) gehandhaaf maar die laaste besending pette is teen 'n winsopslag van net 12.5% ( R4 op R32 ) verkoop.

**3.7 The owner feels it is better to use the periodic than the perpetual inventory system. Explain the difference between the two systems. / Die eienaar voel ook dat dit beter is vir hom om die periodieke voorraadopnamestelsel te gebruik as die deurlopende voorraadopnamestelsel.Verduidelik kortliks die verskil tussen die twee stelsels.**

Periodic : Value of stock only calculated at end of period.Cost of sales not calculated per item sold.
Perpetual: Cost of sales calculated for each item sold. The trading stock account shows continuously what the value of stock on hand should be.
Periodiek: Waarde van voorraad word slegs aan die einde van die tydperk bepaal. Koste van verkope word nie per item wat verkoop is bereken nie.
Deurlopend: Koste van verkope word vir elke item wat verkoop is, bereken. Die handelsvoorraadrekening toon deurlopend die waarde van die voorraad wat voorhande behoort te wees.

**Do you agree with the owner's opinion on using the periodic system?/ Stem jy saam met die eienaar se keuse om die periodiekestelsel te gebruik?**

Yes, it is a small business and the owner can easily control the number of caps on hand. Periodic system is cheaper and more simple. Or No, perpetual system offer better control although the system is more complicated, the owner can appoint someone to run the business and he can execute control all the time. /
Ja, dis 'n klein besigheid en die eienaar kan maklik kontrole hou oor die aantal pette voorhande. Periodieke stelsel is ook eenvoudiger en goedkooper. Of Nee, deurlopende voorraadstelsel bied beter kontrole. Alhoewel die stelsel meer ingewikkeld is, kan die eienaar iemand aanstel om die besigheid te bedryf en hy kan steeds deurentyd kontrole uitoefen.

**3.8 The manufacturer of the caps proposed that he employs labourers who are currently without jobs, at minimum wages, to reduce the cost price? If you were the the owner would you agree to this? Explain, providing TWO reasons / Die vervaardigers van die pette het voorgestel dat hulle werkers wat tans werkloos is teen 'n minimum loon kan gebruik om die pette te maak om so die kosprys van die pette te verlaag. As jy die eienaar van Parkie Pette was, sou jy hiertoe ingestem het? Verduidelik deur twee redes te verskaf.**

No, the quality of the product can probably decrease with the result that the name of the business being shadowed.It is not the ethical correct to exploit workers by paying the minimum wages.It can also lead to present workers losing their jobs. / Nee, die kwaliteit van die produk kan dalk afneem wat tot gevolg sal hê dat die besigheid se naam skade ly. Dit is nie eties korrek om werknemers uit te buit deur aan hulle minimum salarisse te betaal nie, dit kan ook daartoe lei dat huidige werkers hulle werk verloor.

**3.9 Parkie Caps deals only in cash. The owner says that he does not want to leave an "audit trail" which might provide proof to SARS that he must pay income tax on his profit. What would you say to the owner about this? Parkie Pette verkoop slegs kontant. Die eienaar sê dat hy nie 'n "ouditspoor" wil los sodat die SAID bewyse kan hê dat hy belasting op sy winste moet betaal nie. Wat sal jy aan die eienaar hieroor sê.**

It is unethical. The business must run on sound business principles,The business can get a bad reputation, and customers will not support him. He can get trouble with SARS which can contain penalties, even imprisonment. At present the business does not earn much, and will therefore not have to pay to much tax. ; They can therefore just as well operate decently and with in the law. / Dit is oneties. Die besigheid moet op gesonde besigheidsbegingels geskoei word. Dit kan 'n slegte reputasie kry en verbruikers sal hom nie ondersteun nie, Hy kan moeilikheid by SAID kry wat boetes of selfs tronkstraf kan behels.Tans verdien die die besigheid nie baie nie en sal dus nie te veel belasting hoef te betaal nie. Hulle kan dit dus net sowel ordentlik en binne die wet doen.

**3.10 The owner is also worried that he will get into trouble for not registering for VAT. What would you say to the owner about this? / Die eienaar is ook bekommerd dat hy in die moeilikheid kan kom aangesien hy nie vir BTW geregistreer is nie. Wat sal jy aan die eienaar hieroor sê?**

At this stage he does not have to worry because his turn-over is much lower than the R1 mil determined by SARS for the registration of VAT. He is in any case levied with VAT by his supplier which he cannot claim back, because he is not registered for VAT. / Hy hoef op hierdie staduim nie bekommerd te wees nie aangesien sy omset baie minder as die R1 miljoen wat deur die SAID vasgestel is om vir BTW te moet registreer. Hy word ook in elk geval deur sy verskaffer met BTW belas wat hy nie kan terug eis nie, aangesien hy nie vir BTW geregistreer is nie.

| **4.1 Parkie Limited Cash flow statement for the year ending 30 April 2015 / Parkie beperk Kontant vloeistaat vir die jaar geeindig op 30 April 2015** | |
|---|---|
| Cash effects of operating activities / Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | 237 800 |
| Cash generated from operations / kontant uit bedrywighede | 858 300 |
| Interest paid / Rente betaal | (104 000) |
| Dividends paid / Dividende betaal (231000+385000 - 246400) | (369 600) |
| Income tax paid / Imkomstebelasting (-11600 + 151 200 + 7350) | (146 900) |
| Cash effects of investing activities / Kontantvloei uit belegingsaktiwiteite | (753 000) |
| Purchases of fixed assets / Aankoop van vaste bates [1885100 – (1459400-207300 -145000)] | (778 000) |
| Proceeds on sales of fixed assest / Opbrengs met verkoop van vaste bates | 145 000 |
| Fixed deposits / Vaste Deposoto gemaak (320 000 – 200 000) | (120 000) |
| Cash effects of financing activities / Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | 271 200 |
| Proceeds from issue of share capital / Opbrengs uit aandele uitgereik [(1000000 -770000)+(229200-128000)] | 331 200 |
| Repayment of long-term loan / Terugbetaling van langtermynlening (800000 – 740 000) | (60 000) |
| Net change in cash and cash equivalents/Netto verandering in kontant en kontantekwivalente | (244 000) |
| Cash and cash equivalents at beginning of the year / kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | 105 000 |
| Cash and cash equivalents at the end of the year / Kontant en kontantekwibalente aan die einde van die jaar ( -142000+3000) | (139 000) |

| Reconciliation between net profit before tax and cash generated from activities<br>Rekonsiliasie van netto wins voor belasting en kontant verkry uit bedrywighede | |
|---|---|
| Net profit before taxation/Netto wins voor belasting (388800-151200) | 540 000 |
| Adjustments in respect of / Aansuiwerings mbt: | 311 300 |
| Depreciation / Waardevermindering | 207 300 |
| Interest expense / Rente uitgawe | 104 000 |
| Operating profit before change in working capital /<br>Wins uit bedrywighede voor verandering in bedryfskapitaal | 851 300 |
| Cash effects of changes in working capital / Verandering in bedryfskapitaal | 7 000 |
| Decrease in stock / Afname in voorraad (650000-575000) | 75 000 |
| Increase in Debtors / Toename in debiteure (269000-233000) | (36 000) |
| Decrease in creditors / Afname in krediteure (404000-372000) | (32 000) |
| | 858 300 |

| **4.2 Appropriation account / Verdelingsrekening** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Apr 2015 | 30 | Incometax /<br>Inkomstebelasting | 151200 | Apr 2015 | 30 | Profit and loss acc /<br>Winsverliesrek | 540 000 |
| | | Ordinare share dividends /<br>Gewone aandele dividente | 385 000* | | | (388800+151200) | |
| | | | | | | Retained Income /<br>Behoue Inkomste | 326 000 |
| | | Retained income / Behoue imkomste | 329 800 | | | | |
| | | | 866 000 | | | | 866 000 |
| | | * Balancing figure /<br>Balanserende syfer | | | | | |

**4.3(a) Acid-test ratio / Vuurproefverhouding:** (854 300 _- 575 000) : 760 400
279 300 : 760 400
0,4: 1

**(b) Stock turnover rate / Voorraadomsetsnelheid:** $\frac{2\,200\,000}{\frac{1}{2}(575\,000 + 650\,000)} = 3.6\ times\ /\ keer$

**(c) Debt/equity ratio / Skuld-eienaarsbelangverhouding:** 740 000 : 1 559 000
0,47 : 1

**(d) Net asset value per share/Netto batewaarde per aandeel:** $\frac{1\,559\,000}{2\,000\,000\ shares\ /\ aandele} \times \frac{100}{1} = 78c\ per\ share\ /\ aandeel$

**(e) Dividends per share / Dividend per aandeel:** $\frac{385\,000}{1\,540\,000} \times \frac{100}{1} = 25c\ per\ share\ /\ aandeel$

**(f) Return on shareholders' equity / Opbrengs op aandeelhouersbelang:** $\frac{388\,000}{\frac{1}{2}(1\,559\,000 + 1\,224\,000)} \times \frac{100}{1} = 27{,}9\%$

**4.4 At what price were the new shares issued this year? Is this a reasonable price for the new shares? Explain, quoting an appropriate financial indicator from the information to support your answer. / Teen watter prys is die nuwe aandele hierdie jaar uitgereik? Is dit 'n aanvaarbare prys vir die nuwe aandele? Verduidelik jou antwoord deur stawende finansiële syfers uit die inligting aan te haal.**

$\frac{331\,200}{460\,000\ shares\ /\ aandele} \times \frac{100}{1} = 72c\ per\ share\ /\ aandeel$

- New shareholders will think it is a good price because it is lower than the net asset value of 78c per share.
- Excisting sharehoplders will feel that the price is to low. /
- Nuwe aandeelhouers sal dink dis 'n goeie prys want dis laer as die NBW van 78c per aandeel .
- Bestaande aandeelhouers sal voel dat die prys te laag is.

**4.5 Comment on the dividends, earnings and returns earned by the shareholders. Will they be satisfied with these? Explain your answer. / Lewer kommentaar op die dividende, verdienste en opbrengs verdien deur die aandeelhouers. Sal hulle tevrede wees hiermee? Verduidelik jou antwoord.**

- Current capital ration weakened from 15c to 25c. / DPA het verhoog van 15c na 25c.
- Earnings per share increased from 15,5c to 25,2c. / VPA het verhoog van 15,5c na 25,2c
- Return on shareholders' equity increased from 19,6% to 27,9% and is higher than on bank investments (+/- 8%) /

Opbrengs op aandeelhouersbelang het gestyg van 19,6% na 27,9% en is hoër as rentekoers op bankbeleggings van (+/- 8%)
- Shareholders should be satisfied with the results. / Aandeelhouers behoort tevrede te wees met resultate.

**4.6 Comment on the liquidity of the company. Explain your answer. / Lewer kommentaar op die likiditeit van die maatskappy. Verduidelik jou antwoord.**

- Current capital ratio weakend from 1,6:1 to 1,1:1 . / Bedryfskapitaal verhouding het verswak van 1,6 : 1 na 1,1 :1
- Acid test ratio weakend from 0,6:1 to 0,4 :1 . / Vuurproefverhouding het verswak van 0,6:1 na 0,4 : 1.
- Rate of inventory turnover improved from 2,3 times to 3,6 times which means stock is sold quicker as in the past. / Voorraadomsetsnelheid het verbeter van 2,3 keer na 3,6 keer wat beteken voorraad word vinniger verkoop as in die verlede.
- Average debtors collection period improved from 43 days to 24 days. / Debiteure-invorderingstermyn het verbeter van 43 dae na 24 dae.
- Average creditors settlement period remained the same at 30 days. / Krediteurebetalingstermyn het konstant gebly op 30 dae.
- Liquidity problems can be expected if debtors do not pay in time or if they struggle to sell the stock. / Likiditeitsprobleme kan verwag word as debiteure nie betyds betaal nie of as hulle dalk sukkel om voorraad te verkoop.

**4.7 Comment on the financial gearing of the company. Explain your answer. / Lewer kommentaar oor hoe die maatskappy finansieel gerat is. Verduidelik jou antwoord..**

- The Company is low geared and the debt/owners' equity ratio has improved further from 0,7:1 to 0,47:1 which indicates there is a few risks. / Die maatskappy is laaggerat en die skuld – eienaarsbelangverhouding het verbeter van 0,7:1 na 0,47:1 wat aandui dat daar min risiko is.
- The company should make further loans because the return on capital employed of 29,8% is higher than the interest on loans of 14%. They can therefore afford to pay interest. / Die maatskappy behoort verdere lenings aan te gaan aangesien die opbrengs op die kapitaal aangewend van 29,8% hoër is as die rentekoers op lenings van 14%. Hulle kan dus bekostig om rente te betaal.

**5. Calculations / Berekeninge:**

Direct labour costs / Direkte arbeidskoste:
Factory wages + medical fund contribution + wage journal not yet posted / Fabriekslone + mediesefondsbydrae + loonjoernaal nog nie oorgeboek.
396 000 + 78 000 + (39 600+ 7 200)
= 520 800

Rent expenses / Huuruitgawe:
Factory 2/3 of total + Increase of 10% for 2 Months / Fabriek 2/3 van totaal + Verhoging van 10 % vir 2 maande.
(216 000 X 2/3) + 2( 12 000 X 10/100)
= 144 000 + 2 400
= 146 400

Imported raw materials / Ingevoerde roumateriaal:
Cost price / Kosprys : (5 000 X 16,4) = R82 000
Carriage / Vraggeld : (800 X 16,4) = R 13 120
Importduties / Invoerbelasting: ( 82 000 X 10/100) = R8 200

| **5.1 Production cost statement for the year ended 28 February 2015 / Produksiekostestaat van Parkie Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015** | | |
|---|---|---|
| Direct costs / Direkte koste | | 1 012 800 |
| Raw Material / Rou Materiaal | 1 | 492 000 |
| Direct Labour / Direkte arbeid ( 396000 + 78000 + 39600 + 72 00) | | 520 800 |
| Factory overhead costs / Fabrieksbokoste | 2 | 536 400 |
| **Total manufacturing costs / Totale produksiekoste** | | 1 549 200 |
| Work-in-process at the beginning of the year/Werk-in-prosesvoorraad begin vd jaar | | 240 000 |
| Production costs of stock available to be sold/Produksiekoste van voorraad beskikbaar vir verkoop | | 1 789 200 |
| Work-in-process at the end of the year / Werk-in-prosesvoorraad einde vd jaar | | (82 000) |
| **Cost of production of finished goods/Koste van Produksie van Klaarprodukte** | | 1 707 200 |

**Notes to the Production cost statement / Notas tot die Produksiekostestaat**

| **1. Raw material cost / Grondstofkoste/Dirkte materiaalkoste** | |
|---|---|
| Opening Stock / Beginvoorraad | 120 000 |
| Purchases / Aankope ( 420 000 + 82 000) | 502 000 |
| Carriage on purchases / Vraggels op aankope (39 000 + 13 120) | 52 120 |
| Import duties / Invoerbelasting | 8 200 |
| | 682 320 |
| Closing stock / Slotvoorraad | (190 320) |
| Cost of raw material / Koste van rou materiaal | 492 000 |

| **2. Factory overhead costs** | |
|---|---|
| Consumable / Verbruiksgoedere (30000 + 90000 - 12000) | 108 000 |
| Electricity / Elektrisiteit (18000 + 6000) | 24 000 |
| Maintenance / Instandhouding | 48 000 |
| Rent expence / Huuruitgawe (216000 x 2/3) + 2400 | 146 400 |
| Depreciation / Waardevermindering | 90 000 |
| Manager salary / Salaris van fabrieksvoorman | 120 000 |
| | 536 400 |

| **3. Cost of finished goods sold /Koste van klaarprodukte** | |
|---|---|
| Opening balance of finished goods / Beginsaldo van klaarprodukte | 616 080 |
| Cost of Finished goods manufactured / Koste van klaarprodukte vervaardig | 1707 200 |
| | 2323 280 |
| Final balance of finished goods / Eindsaldo van klaarprodukte | (103 600) |
| Cost of Finished goods sold / Koste van klaarprodukte verkoop | 2 219 680 |

| **5.2 Trading statement of Parkie Manufacturers for the year ending 28 February 2015**<br>**Handelstaat van Parkie Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015** | |
|---|---|
| Sales / Verkope | 3017 600 |
| Cost of sales / Koste van verkope | (2219 680) |
| Gross Profit / Bruto wins | 797 920 |

**5.3 Calculations / Berekeninge:**

**5.3.1 Unit cost to manufacture each generator (rounded off to the nearest Rand) / Eenheidskoste om elke kragopwekker te vervaardig (afgerond tot die naaste rand):**

$\frac{1\,707\,200}{742} = R2\,300{,}81 = R2\,301$

**5.3.2 Selling price of one generator / Verkoopprys per kragopwekker:**

$\frac{3\,017\,600}{820} = R3\,680$

**5.4 Discussion on purchase of the cheaper raw material / Bespreking van aankope van goedkoper roumateriaal:**

- Ethically it is not correct. The raw materials are not guaranteed for safety reasons and therefore the SABS has not approved it. /
Dit is eties nie korrek nie. Die rou materiaal is nie gewaarborg om veilig te wees nie daarom het die SABS dit afgekeur.
- It would be unethical to manufacture a product even if there is a high demand that could result in injuries or death of the customers. / Dit sal oneties wees om ‘n produk te vervaardig wat, al is die aanvraag hoog, kan aanleiding gee tot ‘n ongeluk waarin mense kan seerkry of self kan sterf.

**6.1 Cash budget of Parkie Stores for November and December 2015 / Kontantbegroting van Parkie Winkels vir November en Desember 2015**

| | November | December |
|---|---|---|
| **Cash receipts / Kontantontvangstes** | | |
| Cash sales / Kontantverkope | 200 000 | 300 000 |
| Cash received from debtors / Kontant ontvang van debiteure | 202 500 | 247 500 |
| Commission income / Kommissie inkomste | 2 500 | 3 500 |
| Total receipts / Totale ontvangste | 405 000 | 551 000 |
| **Cash payments / Kontantbetalings** | | |
| Cash purchases of stock / Kontantaankope van voorraad | 62 500 | 93 750 |
| Payments to creditors / Betalings aan krediteure | 208 000 | 250 000 |
| Wages and salaries / Lone en salarisse | 160 000 | 80 000 |
| Sundry expenses / Diverse betalings | 50 000 | 50 000 |
| Loan (includes interest) / Lenings (sluit rente in) | ----- | 5 600 |
| Total payments / Totale betalings | 480 500 | 479 350 |
| **Surplus/(deficit) / Surplus / (Tekort)** | (75 500) | 71 650 |
| **Bank-opening balance / Bank beginsaldo** | 98 400 | 22 900 |
| **Bank-closing balance / Bank eindsaldo** | 22 900 | 94 550 |

**Debtors collection schedule / Debiteure Invorderingskedule**

| Month / Maand | Credit sales/Kredietverkope | November | December |
|---|---|---|---|
| September | 200 000 | 90 000 | |
| October | 250 000 | 112 500 | 112 500 |
| November | 300 000 | | 135 000 |
| December | 450 000 | | |
| TOTAL | | 202 500 | 247 500 |

**6.2 Projected income statement of Parkie Stores for Nov. and Dec. 2015 Geprojekteerde Inkomstestaat van Parkie Winkels vir Nov. en Des. 2015**

| | November | December |
|---|---|---|
| Sales / Verkope | 500 000 | 750 000 |
| Cost of sales / Koste van verkope | (312 500) | (468 750) |
| Gross profit / Bruto Winste | 187 500 | 281 250 |
| Other income / Ander Bedryfsinkomste | 3 500 | 4 000 |
| Commission income/ Kommissie inkomste | 3 500 | 4 000 |
| Operating expenses / Bedryfsuitgawes | (193 700) | (198 700) |
| Wages and salaries / Lone en salarisse | 120 000 | 120 000 |
| Sundry expenses / Diverse uitgawes | 50 000 | 50 000 |
| Discount allowed / Korting toegestaan | 12 500 | 15 000 |
| Bad debts / Oninbare skulde | 10 000 | 12 500 |
| Depreciation / Waardevermindering | 1 200 | 1 200 |
| Operating profit / Bedryfswins | (2 700) | 86 550 |
| Interest expense / Rente uitgawe | (800) | (800) |
| Net profit / Netto wins | (3 500) | 85 750 |

**QUESTIONS:**

**6.3.1 The owner does not understand why the cash budget and projected Income statement are showing different results. Explain to him the difference by focusing on the role of each document. / Die eienaar verstaan nie waarom die kontantbegroting en die geprojekteerde inkomstestaat verskillende bedrae toon nie. Verduidelik aan hom, deur te fokus op die rol wat elke dokument speel.**

- Cash budget shows future inflows and outflows of cash so that the bank balance and cash flow situation can be determined. / Kontantbegroting toon toekomstige invloei van kontant sodat die banksaldo en kontantvloei situasie bepaal kan word.
- Projected income statement shows all future expenses and incomes so that expected profit or loss can be calculated. / Geprojekteerde inkomstestaat toon alle toekomstige inkomstes en uitgawes sodat verwagte wins of verlies bereken kan word.

**6.3.2 Comment on the debtors collection policy and the creditors payment period and the effect of this on the cash position and the profit of the business./ Lewer kommentaar op die debiteure-invorderingstermyn en die krediteure-betalingstermyn.Toon die effek wat dit op die likiditeitsituasie asook die winsgewendheid van die besigheid het.**

- Debtors take too long to pay, only 50% pay within 30 days. / Debiteure neem te lank om te betaal – net 50% betaal binne 30 dae.
- Creditors are paid in full in 30 days, before cash has been received from the debtors / Kreditteure word binne 30 dae ten volle betaal, dit wil sê voordat geld nog van debiteure ontvang word.
- This situation can definitely result in cash flow problems but will not affect the profit. / Hierdie situasie kan definitiewe kontantvloei probleme tot gevolg hê, maar het geen effek op die wins nie.

**6.3.3 Do you think the owner has cause to worry about the cash position of the business? Discuss by referring to at least two different figures. / Dink jy die eienaar het rede om bekommerd te wees oor die kontantsituasie van die besigheid? Verduidelik jou antwoord deur na ten minste twee syfers te verwys.**

Yes/ no. - November showed a deficit of R75 500. December showed a surplus probably due to increased sales in the festive season which is not sustainable. / Ja/ nee – November toon ‘n tekort van R75 500. Desember toon ‘n surplus wat dalk te wyte is aan hoër verkope in die kersseisoen en dus nie volhoubaar is nie.

- Expenses are high comparing with the income. / Uitgawes is hoog in verhouding tot inkomste.
- The debtors collection period puts pressure on the cash flow situation. / Die debiteure invorderingstermyn plaas ook druk op die kontantsituasie.

**6.3.4 The owner of Park Stores read an article in a financial magazine regarding the King Commission report that advocates that all businesses have to contribute to social upliftment and the environment. The owner is not sure what this means to his business and why he should adhere to the report as this will surely mean less profit to him. Explain to him what the report means and why you think it is essential that he should adhere to the requirements of the report. / Die eienaar het ‘n artikel in ‘n finansiële tydskrif gelees waar daar na die King kommissie se verslag verwys word wat sê dat alle besighede moet bydra tot sosiale ontwikkeling binne die gemeenskap, en ook die omgewing. Hy is nie seker hoe dit sy besigheid raak, en of hy hieraan gehoor moet gee nie, aangesien dit definitief sy wins negatief sal beïnvloed. Verduidelik aan hom wat die verslag bedoel, en hoekom dit belangrik is dat hy gehoor gee aan die bevindinge in die verslag.**

